

DIE ROL VAN DIE AFGETREDE VRYWILLIGER IN DIE FUNKSIONERING VAN POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

SUSANNA MARIA JANSEN VAN RENSBURG

BA(MW)

Verhandeling voorgelê vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in

MAATSKAPLIKE WERK

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

POTCHEFSTROOMKAMPUS

Studieleier:
Prof H Strydom

Potchefstroom
Januarie 2009

UIT DIE PEN VAN 'N LID

Die idee om diens aan ons oues te bied,
het vyf en twintig jaar gelede al wortel geskied,
by 'n paar studente van die SGD,
wat toe die saadjie begin water gee.
Met groen vingers van Wendri Eloff en Syd Eckley
bly die Mooirivier-Klub nie net 'n bossie nie,
en van 1982 af het die dienssentrum gedy
en elke jaar weer nuwe vrugte bygekry.
Die dienssentrum sorg vir die oueres van dae
of dit jou voete, jou kop of jou hart is wat pla,
as jy suiker het, sinkings of dis jou bloed wat druk,
al soek jy net 'n oor wat hoor of jy moet pille sluk,
ons ry selfs tot by jou al lê jy tuis,
of ons gaan haal jou by jou eie huis.
As jy hartseer voel of allendig is,
sal ons jou nooit los,
en as jy honger is,
bring ons vir jou 'n bus vol kos!
As jy moed verloor of jy wil jou dood verveel,
kry ons jou dag om met hop en skiep en speel.
Sonder dat ons 'n sent daaruit maak,
help ons ons lede selfstandig raak.
As ons só mekaar se hande vat,
sweef ons lig oor elke sinkplaatpad.
Ons maak diens met deernis soet,
en loop die toekoms lag-lag tegemoet!

Prof Hans du Plessis

**Opgedra aan my ouers,
*Lodewyk en Fienie Jansen van Rensburg***

DANKBETUIGINGS

© 2014 by the author. All rights reserved. No part of this publication may be reproduced, stored in a retrieval system, or transmitted, in any form or by any means, electronic, mechanical, photocopying, recording, or by any information storage and retrieval system, without permission in writing from the author.

Aan my Hemelse Vader kom toe al die lof, eer en aanbidding vir die vermoëns wat Hy aan my gegee het om 'n meestersgraad te kon aanpak. "Dankie vir die passie wat U aan elke mens gee waarmee ons U hier op aarde kan dien."

Prof dr Herman Strydom vir die aanmoediging om hierdie navorsing te doen, die bekwame studieleiding en waardevolle insette.

My eerste werkgewers - Die Ondersteuningsraad. In die besonder, ds Roelf Coertze, prof Rina Delport, prof Piet Geyser en mev Corrie Esterhuysen.

Die Beheerraad van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes, vir die geleentheid wat my gegun is om hierdie navorsing onder die afgetrede vrywilligers van die dienssentrum te kon doen.

My kollegas by die dienssentrum. Wendri Eloff, ons direkteur en my vriendin. Ek waardeer al jou besorgdwees en morele ondersteuning. Dankie dat jy altyd in my glo!

My moeder, Fienie Jansen van Rensburg, wat my altyd deur al die jare emosioneel ondersteun, so getrou vir my bid en aanmoedig. Sonder hierdie ondersteuning sou dit maar moeilik gewees het om my verhandeling afgehandel te kry. Dankie dat ma my geleer het om in myself te glo en elke dag voluit te leef.

Dankie aan my broer, susters, swaers en al die kinders wat altyd verneem hoe dit met die studie gaan.

'n Hartlike dank aan elke ouer persoon wat al kosbare insette in my lewe gelever het, by wie ek so baie in die lewe geleer het en wat my lewe verryk het. Ooms en tannies, ek eer julle. Dankie dat julle daaglik waarde tot my lewe toevoeg.

OPSOMMING

DIE ROL VAN DIE AFGETREDE VRYWILLIGER IN DIE FUNKSIONERING VAN POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

Die ouderdom bring mee dat liggaamskragte afneem, en in talle gevalle is daar ook 'n verlies aan sosiale kontak. Ouer persone beskik oor jare se deurleefde kennis en ervaring wat effektief tot voordeel van medebejaardes in 'n dienssentrum aangewend kan word.

Afdeling A bevat onder meer die probleemstelling, navorsingsdoelwitte en prosedures wat onderneem is. Die oorhoofse doelstelling van hierdie ondersoek was om die rol van die afgetrede vrywilliger in die funksionering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vas te stel. Ten einde die doelstelling te kon bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

Doelwit 1. Om vas te stel wat die redes is waarom afgetredenes as vrywilligers betrokke raak by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes.

Doelwit 2. Om vas te stel op watter terreine van die dienssentrum afgetredenes as vrywilligers betrokke is.

Doelwit 3. Om die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes en profiel van die afgetrede vrywilliger wat by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is, vas te stel.

Doelwit 4. Om te bepaal wat vrywilligers van die dienssentrum vir bejaardes van die personeel ten opsigte van byvoorbeeld erkenning, verantwoordelikhede en vergoeding verwag.

Afdeling B bevat die twee artikels waarin verslag gelewer is oor die uitkomst van die navorsing. Artikel 1 het betrekking op die redes waarom ouer persone as vrywilligers by 'n dienssentrum betrokke raak en op watter terreine. Artikel 2 gaan in op die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge van die afgetrede vrywilliger.

In **Afdeling C** is 'n samevatting van die vernaamste bevindings en gevolgtrekkings ten opsigte van die ondersoek in die geheel aangebied. Daarbenewens is aanbevelings gedoen en die bydrae van die ondersoek uitgelig.

Afdeling D bevat addendums tot die navorsingsverslag soos die selfopgestelde vraelys sowel as die gestandaardiseerde vraelys. Die verhandeling is in **Afdeling E** afgesluit met 'n omvattende bronnelys.

ABSTRACT

THE ROLE OF THE RETIRED VOLUNTEER IN THE FUNCTIONING OF POTCHEFSTROOM SERVICE CENTRE FOR OLDER PEOPLE

Age brings about that physical strength diminishes and in many cases there is also a loss of social contact. Older people possess years of knowledge based on experience which can be applied effectively in a service centre to the advantage of other older people.

Amongst others, **Section A** contains the problem statement, research objectives and procedures that were undertaken. The overarching aim of this investigation was to establish the role of the retired volunteer in the functioning of Potchefstroom Service Centre for Older People. To reach the aim, the following objectives were aimed at:

Objective 1. To establish what the reasons are for retired people to become involved in Potchefstroom Service Centre of Older People as volunteers.

Objective 2. To establish in what area of the service centre retired people are involved as volunteers.

Objective 3. To establish the psychosocial functioning, self-perception, work values and profile of the retired volunteer involved in Potchefstroom Service Centre for Older People.

Objective 4. To determine what volunteers of the service centre for older people expect of the staff regarding, for instance, acknowledgement, responsibilities and remuneration.

Section B contains the two articles in which the outcomes of the research were reported. Article 1 pertains to the reasons why older people become involved in service centres as volunteers and in which areas. Article 2 enters into the psychosocial functioning, self-perception, work values, profile and expectations of the retired volunteer.

In **Section C** a synopsis of the most important findings and conclusions regarding the investigation was presented in its entirety. Additionally, recommendations were made and the contribution of the investigation was highlighted.

Section D contains addendums to the research report such as the self-compiled questionnaire and the standardised questionnaire.

The dissertation was concluded in **Section E** with a comprehensive reference list.

SLEUTELTERME / KEY WORDS

Die volgende sleutelterm is op hierdie ondersoek van toepassing:

Afgetredene	Retired person
Vrywilliger	Volunteer
Dienssentrum vir Bejaardes	Service Centre for Older Persons
Gemeenskap	Community
Bejaarde	Older person
Betrokkenheid	Involvement
Dienslewering	Service delivery
Ouer persoon	Elderly person

VOORWOORD

Hierdie verhandeling word in **artikelformaat** aangebied in ooreenstemming met Reël A.13.4.5 wat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (2009) uiteengesit is. Die inhoud en tegniese vereistes van die geakkrediteerde vaktydskrif Maatskaplike Werk/Social Work (kyk **Addendum 5**) is as basis gebruik om die artikels voor te berei. Die beoogde tydskrif waarvoor die onderskeie artikels voorberei is, is in **paragraaf 9** van **Afdeling A** aangedui.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	i
OPSOMMING.....	ii
ABSTRACT.....	iv
SLEUTELTERME / KEY WORDS.....	vi
VOORWOORD.....	vii
INHOUDSOPGAWE.....	viii
LYS VAN TABELLE.....	xiv
LYS VAN DIAGRAMME.....	xv

AFDELING A	ALGEMENE INLEIDING.....	1
1.	PROBLEEMSTELLING	1
2.	NAVORSINGSVRAE	3
3.	DOEL VAN DIE ONDERSOEK.....	4
3.1	Oorhoofse doelstelling	4
3.2	Doelwitte.....	4
4.	SENTRAAL TEORETIESE STELLING.....	5
5.	TYDPERK VAN ONDERSOEK	5
6.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	5
6.1	Literatuurstudie.....	5
6.2	Empiriese ondersoek	6
6.2.1	Die ontwerp	6
6.2.2	Deelnemers	6
6.2.3	Meetinstrumente.....	6
6.2.3.1	Betroubaarheid	7
6.2.3.2	Konstrugeldigheid	7
6.2.4	Prosedure	7
6.2.5	Etiese aspekte	7

6.2.6	Dataverwerking.....	8
7.	BEPERKINGS VAN DIE STUDIE	8
8.	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	9
8.1	Aftrede.....	9
8.2	Bejaarde	9
8.3	Dienssentrum	9
8.4	Gemeenskap	10
8.5	Vrywilliger	10
9.	KEUSE EN STRUKTUUR VAN NAVORSINGS-	
	VERSLAG.....	10
9.1	AFDELING A: Algemene inleiding	11
9.2	AFDELING B: Artikels	11
9.3	AFDELING C: Samevattende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings	12
9.4	AFDELING D: Addendums	12
9.5	AFDELING E: Saamgestelde bibliografie	12
AFDELING A :	ALGEMENE INLEIDING BIBLIOGRAFIE	13
AFDELING B	ARTIKELS 1 EN 2	17
ARTIKEL 1 :	REDES WAAROM EN TERREINE WAAROP	
	AFGETREDE VRYWILLIGERS BY POTCHEFSTROOM	
	DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES BETROKKE RAAK.....	18
1.	INLEIDING.....	18
2.	PROBLEEMSTELLING	19
3.	NAVORSINGSVRAAG	21
4.	DOEL VAN DIE ONDERSOEK.....	21
4.1	Oorhoofse doelstelling	21
4.2	Doelwitte.....	21
5.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	22

5.1	Literatuurstudie.....	22
5.2	Empiriese ondersoek	22
5.2.1	Die ontwerp	22
5.2.2	Deelnemers	23
5.3	Meetinstrumente.....	23
5.4	Prosedure.....	23
5.5	Etiese aspekte	24
5.6	Dataverwerking.....	24
6.	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	25
6.1	Aftrede.....	25
6.2	Bejaarde	25
6.3	Dienssentrum	25
6.4	Gemeenskap	26
6.5	Vrywilliger	26
7.	DIE EFFEK VAN AFTREDE	27
8.	DOELSTELLING VAN 'N DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES....	28
9.	BENUTTING VAN AFGETREDENES AS VRYWILLIGERS BY DIE DIENSSENTRUM.....	30
9.1	Waarde van afgetrede vrywilligers.....	31
9.2	Eienskappe van vrywilligers.....	31
9.3	Betrokkenheid in jonger jare	33
9.4	Tydperk van betrokkenheid as vrywilliger by die diens- sentrum	33
9.5	Die betekenis wat vrywillige werk vir bejaardes inhou	34
9.6	Hoe kinders voel oor bejaarde ouers se betrokkenheid as vrywilligers.....	36

9.7	Take waarby en terreine waarop vrywilligers betrokke is	37
10.	BESPREKING	41
11.	AANBEVELINGS	42
12.	SAMEVATTING	42
13.	AANBEVOLE LEESWERK	43
AFDELING B :	ARTIKEL 1 BIBLIOGRAFIE.....	44
 ARTIKEL 2 :	 PSIGOSOSIALE FUNKSIONERING, SELFPERSEPSIE, WERKSWAARDES, PROFIEL EN VERWAGTINGE VAN AFGETREDE VRYWILLIGERS WAT BETROKKE IS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES....	 51
1.	INLEIDING.....	51
2.	PROBLEEMSTELLING	51
3.	NAVORSINGSVRAAG	52
4.	DOELSTELLING	52
5.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	53
5.1	Literatuurstudie.....	53
5.2	Empiriese ondersoek.....	53
5.2.1	Die ontwerp	53
5.2.2	Deelnemers	54
5.2.3	Meetinstrumente.....	54
5.2.3.1	Betroubaarheid	55
5.2.3.2	Konstrugeldigheid	55
5.2.4	Prosedure.....	55
5.2.5	Etiese aspekte	55
5.2.6	Dataverwerking.....	56
6.	BEVINDINGS....	56
6.1	Gestandaardiseerde metingskaal (MSI).....	56

6.1.1	Positiewe Psigososiale Funksioneringsareas.....	57
6.1.2	Negatiewe Psigososiale Funksioneringsareas.....	60
6.1.3	Selfpersepsie.....	63
6.1.4	Werkswaardes.....	65
6.2	Selfopgestelde skedule.....	71
6.2.1	Die profiel van die afgetrede vrywilliger.....	71
6.2.2	Intensiteit van verantwoordelikheid	74
6.2.3	Vergoeding	74
6.2.4	Verwagtinge rakende die dienssentrum en personeel.....	75
7.	WAARNEMING EN PERSOONLIKE TERUGVOERING	76
8.	BESPREKING...	78
9.	AANBEVELINGS	79
10.	SAMEVATTING	79
AFDELING B :	ARTIKEL 2 BIBLIOGRAFIE	81
 AFDELING C	 SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS	
	EN AANBEVELINGS.....	84
1.	INLEIDING.....	84
2.	SAMEVATTENDE BEVINDINGS	84
2.1	Navorsingsmetodologie	84
2.1.1	Literatuurstudie.....	84
2.1.2	Empiriese ondersoek.....	85
2.2	ARTIKEL 1: Redes waarom en terreine waarop afgetredenes as vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke raak.....	86
2.3	ARTIKEL 2: Psigososiale funksionering, selfpersepsie, werks- waardes, profiel en verwagtinge van afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes	87
3.	GEVOLGTREKKINGS.....	87

4.	TOETSING VAN DIE DOELSTELLING, DOELWITTE EN	
	SENTRAAL TEORETIESE STELLING.....	88
4.1	Oorhoofse doelstelling	89
4.2	Sentraal teoretiese stelling.....	90
5.	AANBEVELINGS	90
6.	SLOTSOM.....	92
 AFDELING D		
	ADDENDUMS.....	93
	ADDENDUM 1 : BRIEF AAN DIE BEHEERRAAD	93
	ADDENDUM 2 : BRIEF VAN DIE BEHEERRAAD	94
	ADDENDUM 3 : KWALITATIEWE VRAELYS	95
	ADDENDUM 4 : MULTISIFTINGSINVENTARIS	98
	ADDENDUM 5 : MAATSKAPLIKE WERK /	
	SOCIAL WORK.....	106
	ADDENDUM 6 : PRIMÊRE DIENSTE	108
	ADDENDUM 7 : SEKONDÊRE DIENSTE	109
	ADDENDUM 8 : VRYWILLIGERS	110
 AFDELING E		
	SAAMGESTELDE BIBLIOGRAFIE.....	111

“Die wysheid van die wyses en die ervaring van die eeue
word bewaar in boeke met aanhalings”
(Isaac D’israeli)

LYS VAN TABELLE

AFDELING B

ARTIKEL 1

TABEL 1 :	Primêre dienste	29
TABEL 2 :	Sekondêre dienste.....	29
TABEL 3 :	Betrokkenheid by organisasies of instansies.....	33
TABEL 4 :	Tydperk van betrokkenheid by die dienssentrum	34
TABEL 5 :	Betekenis van vrywillige werk	35
TABEL 6 :	Dienste, persone en ure betrokke as vrywilliger.....	40
TABEL 7 :	Wyse/s waarop die respondente by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is.....	41

AFDELING B

ARTIKEL 2

TABEL 1 :	Cronbach Alpha-betroubaarheid.....	68
TABEL 2 :	Eksploratiewe faktoranalise	70
TABEL 3 :	Moontlike verwagtinge	75

LYS VAN DIAGRAMME

LYNDIAGRAM 1 :	Positiewe interpretasielyn	57
HISTOGRAM 1 :	Positiewe psigososiale funksioneringsarea	58
LYNDIAGRAM 2 :	Negatiewe interpretasielyn.....	60
HISTOGRAM 2 :	Negatiewe Psigososiale Funksioneringsareas	61
LYNDIAGRAM 3 :	Selfpersepsie.....	63
HISTOGRAM 3 :	Selfpersepsie.....	64
HISTOGRAM 4 :	Werkswaardes.....	65
SEGMENTVOORSTELLING 1 :	Gesin van herkoms	72
HISTOGRAM 5 :	Beroep beoefen voor aftrede	73
HISTOGRAM 6 :	Vergoeding	74

AFDELING A
ALGEMENE INLEIDING

1. PROBLEEMSTELLING

Die South African Policy for Older Persons (SA, 2005:4) meld dat daar van die 1996- na 2001-sensusopname 'n 4% groei in ouer persone plaasgevind het, en 'n verandering in die familiestruktuur ten opsigte van die rolle van ouer persone in beide die familie en die gemeenskap. Aldus die Oktober 1996-sensusopname het Suid-Afrika 40,5 miljoen inwoners gehad waarvan 6.9% ouer as 60 jaar was. Die 2001-sensusopname bevestig dat daar 7.3% (3.28 miljoen) uit 'n populasie van 44.8 miljoen ouer as 60 jaar was; dus genoemde groei van 0.4% (SA, 2005:11). Ntusi en Ferreira (2004:3) voorspel dat die 80-jariges en ouer se 8% in 2002 na 19% in 2050 gaan verdubbel. In die Noordwes Provinsie was daar in 1996 7.9% persone ouer as 60 jaar (224 010 persone) teenoor 2001 se 8.2% (269 500 persone); dus 'n groei van 0,3% in 4 jaar. Nagenoeg 10 403 persone ouer as 60 jaar is in Potchefstroom woonagtig (Statistics South African, 2001).

Die huidige ontwikkeling van die kapasiteit van mense, is om meer selfonderhoudend binne 'n ondersteunende en versorgende omgewing te wees. 'n Merkbare aksentverskuiwing weg van residensiële na gemeenskapsorganisasies het plaasgevind. Dit beteken dat slegs die erg verswaktes na inrigtings verskuif sal word (Van der Linde, 1996:1). 'n Kosbare werkkrag van jonger bejaardes kan nog vir die gemeenskap beskikbaar en waardevol wees.

Bejaardes moet die geleentheid gebied word om hul kennis en kundigheid teen vergoeding terug te ploeg ten einde ekonomies minder afhanklik te wees (Knepscheld, 1998:34). Dit is dalk 'n ideaal, maar besighede, die Suid-Afrikaanse regering, organisasies en instansies is wel nog baie sterk ingestel op aftrede. Wanneer 'n werknemer aftree-ouderdom bereik, tree hy uit die hoofstroom van die lewe. Persone van 60-jarige ouderdom en ouer, is by die ondersoek ingesluit.

Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes sluit jaarliks af met 'n gemiddeld van 1 200 lede. Verskeie ander dienssentrums in ons land sluit as gevolg van finansiële probleme en te min betrokkenheid van lede. Gedurende 1995 was daar 385 geregistreerde dienssentrums vir

bejaardes in Suid-Afrika, terwyl daar in 1998 slegs 188 was (SA, 2005:45). Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vier vanjaar (2008) sy 25ste bestaansjaar en word landswyd beskryf as 'n unieke, dinamiese en suksesvolle dienssentrum. Navrae vanoor die hele land word gereeld aan die bestuur gerig rakende hulp en leiding ten opsigte van die stig van soortgelyke dienssentrums. 'n E-pos van 21 Maart 2008 is 'n voorbeeld hiervan: "Ek verstaan die Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes lewer 'n unieke diens aan die gemeenskap. Op Plettenbergbaai bestaan nie 'n sentrum van die aard nie. Die stigting van so 'n sentrum benodig aandag. Mag ons vra vir u hulp en leiding vir ondersoek in hierdie verband" (Botha, 2008).

'n Vraag wat altyd gestel word, hou verband met wat tot die geslaagde voortbestaan van Potchefstroom Dienssentrum bydra. Is dit effektiewe bestuur, die betrokkenheid van die gemeenskap, die skakeling met gemeenskapshulpbronne, aktiewe betrokkenheid van die lede, of is dit sinvolle programme en aktiwiteite wat vir afgetredenes aangebied word?

Van Zyl (1992:2) stel dit duidelik as sy sê dat die oorgang tussen die aktiewe werkfase en aftrede aanpassing meebring waarmee rekening gehou moet word, byvoorbeeld verminderde maandelikse inkomste, meer vrye tyd, moontlike verandering van woonomgewing, verlies aan vriende en hoër lewensverwagting. 'n Vraag wat onwillekeurig op die voorgrond tree, is enersyds of 'n dienssentrum vir bejaardes daardie funksie vervul om te voldoen aan die behoefte van ouer persone om hul vrye tyd sinvol te bestee en moontlik nuwe vriende te ontmoet, en andersyds, watter rol die vrywilligers hierin speel. Afgetredenes het meer tyd tot hul beskikking, hul vriendekring word al kleiner en dikwels verloor hulle 'n lewensmaat, hul selfvertroue begin afneem, hulle beleef gevoelens van nutteloosheid en alledaagse take word vir hulle te veel (Van den Heever, 1990:1). Dit is maar enkele van die probleme wat afgetredenes ervaar. In hierdie studie sal ingegaan word op 'n verskeidenheid moontlike fasette waarby vrywilligers betrokke kan raak en diensbaar kan wees. Strydom (1993:48) meen dat dit 'n sensitiewe aangeleentheid is om bejaarde vrywilligers by bejaarde kliënte te plaas en dat die saak verdere navorsing vereis. Vrywilligers is mense wat sonder finansiële vergoeding hul tyd, kennis en vermoëns beskikbaar stel ter bevordering van 'n bepaalde saak (Krüger, 2008:18).

Die motivering vir die navorser om hierdie ondersoek te onderneem was haar passie vir die afgetrede vrywilliger. Gedurende 1986 het die navorser intensief met lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk begin werk in 'n wye spektrum diensvelde, waarvan bejaardesorg een was. Sy was betrokke by die opleiding van lidmate om bepaalde dienste

aan die bejaardes te lewer waarby die leraar en kerkraad nie na behore kon uitkom nie. Later is gehelp met die skryf van opleidingspakkette vir die kerk en daar was voortdurend die behoefte om te weet waarom mense ophou om vrywillige werk te doen. Die navorser word sedertdien gereeld genader om lesings, kursusse en seminare aan te bied oor die effektiewe benutting van vrywillige werkers. Die passie vir bejaardesorg dryf die navorser om in die loop van 1992 'n pos as maatskaplike werker by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes te aanvaar. Hier word die passie met oorgawe uitgeleef, maar steeds is daar 'n omvang van vrywilligers en heelwat personeel wat van vrywillige dienste gebruik maak.

Potchefstroom Dienssentrum het 'n groot aantal vrywilligers waarsonder die dienssentrum die gehalte van dienste en aktiwiteite nie sal kan aanbied nie. Die behoefte om vanuit 'n wetenskaplike oogpunt na die profiel van die vrywilligers, hul behoeftes en verwagtinge te kyk het die navorser daartoe gedryf om hierdie navorsing te onderneem ten einde ander dienssentrums en nie-winsgewende organisasies van hulp te kan wees ten opsigte van die waarde van vrywilligers, en belangrik nog, hoe om met vrywilligers te werk.

Daar is nog nie vanuit wetenskaplik maatskaplike navorsing ondersoek gedoen na die sukses van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes nie. Indien daar bewys kan word dat 'n dienssentrum die eerste plek moet wees wat afgetredenes behoort op te soek en dat alle dienssentrums aan afgetredenes 'n geleentheid bied om hul deurleefde kennis en kundigheid op 'n vrywillige basis aan die dienssentrum beskikbaar te stel, kan dit die bekommernis en spanning van afgetrede persone help verlig. Dit kan dalk ook 'n uitkoms wees vir kinders om te weet dat hul ouers terapeuties, aktief en sinvol met hul portuurgroep besig is. Die vraag kan dus tereg gestel word of die betrokkenheid van afgetrede vrywilligers 'n onmisbare rol in die dienssentrum vir bejaardes vervul.

2. NAVORSINGSVRAE

Uit die voorafgaande ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die redes waarom en terreine waarop afgetredenes as vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum betrokke raak?
- Wat is die aard van die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge van die afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes?

3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek kan soos volg uiteengesit word:

3.1 OORHOOFSE DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing is om ondersoek in te stel na die profiel van die afgetrede vrywilliger en die rol wat sodanige persoon in die funksionering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vervul.

3.2 DOELWITTE

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

Doelwit 1

Om vas te stel wat die redes is waarom afgetredenes as vrywilligers betrokke raak by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes.

Doelwit 2

Om vas te stel op watter terreine van die dienssentrum afgetredenes as vrywilligers betrokke is.

Doelwit 3

Om die psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die afgetrede vrywilliger wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vas te stel.

Doelwit 4

Om te bepaal hoe die profiel van die vrywilligers wat by die dienssentrum vir bejaardes betrokke is, daar uitsien, en wat hul verwagtinge van die personeel ten opsigte van erkenning, verantwoordelikhede en vergoeding is.

4. SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Indien afgetredenes op 'n georganiseerde wyse as vrywilligers by dienssentrums vir bejaardes betrokke raak met die kennis en kundigheid waaroor hulle beskik, kan dit bydra tot meer koste-effektiewe funksionering van dienssentrums se dienste en aktiwiteite.

5. TYDPERK VAN ONDERSOEK

Die navorser het gedurende 1984 afstudeer en as maatskaplike werker by Die Ondersteuningsraad begin werk. Programme wat ontwikkel is vir diensgroepwerk het die maatskaplike werkers genoop om met vrywilligers te begin werk. Baie opleidingsgeleenthede is aangebied wat handel het oor die vrywillige werker, en die navorser het ook praktiese met die vrywillige werkers begin werk. Deur al die jare is inligting ingewin, boeke bestudeer en kongresse bygewoon wat handel het oor die vrywillige werker. Van Maart 2008 tot Desember 2008 het die navorser daadwerklike pogings aangewend om resente en toepaslike literatuur te bestudeer. Gedurende Maart 2008 is toestemming van die Beheerraad van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes verkry om die navorsing vanuit die dienssentrum te mag doen en is die fokusgroepe saamgestel en met die navorsing begin. Die finale verslag is in Januarie 2009 afgesluit.

6. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die volgende navorsingsmetodes is in hierdie ondersoek gebruik:

6.1 LITERATUURSTUDIE

'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek is onderneem ten opsigte van die rol en behoeftes van die betrokke teikengroep. Riglyne vir 'n program is vervolgens saamgestel en ontwikkel ten einde afgetrede vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes meer effektief te kan benut.

Gepubliseerde wetenskaplike bronne is bestudeer, tydskrifte is nagegaan en gesprekke is met kundiges gevoer. Databasisse wat benut is: Internet, Academic Search Premier, ISAP, EBSCO en PsycINFO.

6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek sluit die volgende komponente in:

6.2.1 Die ontwerp

Volgens Burns en Grove (2005:211) vorm die navorsingsontwerp die strukturele raamwerk van die studie. Hierdie ontwerp word uitgebou in terme van die gemengde metodologie benadering en spesifiek die gelyktydige geïntegreerde strategie (Creswell, 2009:214-215). Hierdie strategie kom neer op die gelyktydige insameling van twee tipes data tydens 'n enkele data insamelingsfase, dus in die geval kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Die verkennende ontwerp word benut omdat min navorsing op hierdie terrein gedoen is (Mitchell & Jolley, 2001:G-3; Rubin & Babbie, 2005:123-124). Riglyne sal aanbeveel word vir 'n program wat vir afgetrede vrywilligers saamgestel kan word ten einde die behoeftes, psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die teikengroep vas te stel (Grinnell, 2001:29; Neuman, 2003:54-55). Die ontwikkeling van die volledige program sal in 'n later stadium aandag geniet en val dus buite die bestek van hierdie ondersoek.

6.2.2 Deelnemers

Die ondersoek het betrekking op manlike en vroulike deelnemers van 60 jaar en ouer. 33% van die afgetrede vrywilligers van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes is by die navorsing betrek (Stoker, 1985). Die teikengroep is met behulp van waarskynlikheidsseleksie ooreenkomstig die sistematiese steekproef geselekteer (Strydom, 2005a:200). Die name van al die bejaardes wat as vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is, is alfabeties georden. Die tweede persoon op die ranglys is aanvanklik geselekteer en dan met intervale van 3 totdat die verlangde persentasie deelnemers (44 persone) verkry is. Op die wyse is vier fokusgroepe saamgestel bestaande uit 6, 13, 13 en 12 persone.

6.2.3 Meetinstrumente

Data is ingesamel aan die hand van 'n selfopgestelde vraelys (kyk **Addendum 3**) en 'n gestandaardiseerde meetinstrument (kyk **Addendum 4**) wat die navorser gehelp het om die fokusgroep te lei. Greeff (2005:292) wys daarop dat die skedule waardevol is as dit gebruik word vir kwalitatiewe navorsing waar daar op sekere belangrike areas gefokus word waar

ruimte gelaat word vir buigsaamheid. Die vraelys is opgestel met oop- en geslote-eindevrae. Ten einde die triangulering van data en aanvullende data te kon verkry is 'n gestandaardiseerde metingsvraelys, naamlik die Multisiftingsinventaris (MSI, 2008) gebruik. Die elemente wat gemeet is, is die volgende: Psigososiale funksionering, naamlik prestasiegerigtheid, tevredenheid, verwagtinge, frustrasies, spanning en hulpeloosheid; die komponente van selfpersepsie, naamlik innerlike onsekerheid, skuldgevoelens en nutteloosheid; sowel as komponente van werkswaardes, naamlik bereikingsgerigtheid, besorgdheid oor ander, finansiële vergoeding, prestige, sosiale interaksie, persoonlike ontwikkeling, intieme verhoudings en morele waardes. Al hierdie meetinstrumente is in groepsverband hanteer.

6.2.3.1 Betroubaarheid

Cronbach Alpha-waardes is bereken om die betroubaarheid van elke subskaal te bepaal. 'n Waarde van groter as of gelyk aan 0.5 is 'n aanduiding daarvan dat die subskaal betroubaar is (Gravetter & Forzano, 2003:91-93).

6.2.3.2 Konstruktiviteit

Eksploratiewe faktoranalises is gedoen om konstruktiviteit te toets. Die items waaruit elke subskaal bestaan, is telkens gebruik by 'n spesifieke eksploratiewe faktoranalise (Monette, Sullivan & DeJong, 2005:113-116).

6.2.4 Prosedure

Die opnameprosedure is tydens die ondersoek benut. Opname word omskryf as die ondersoekmetode waarvolgens data uit 'n verteenwoordigende steekproef ingesamel word sodat die veranderlikes van toepassing is op groot en klein populasies (Bailey, 1994:110). Persone wat vir die opnameprosedure geselekteer was, is telefonies genader ten einde instemming tot deelname te bekom.

6.2.5 Etiese aspekte

Etiese goedkeuring is van die Etiekomitee van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry. Die verwysingsnommer is **NWU – 0017-08-S1**. Deelname van die ondersoekgroep aan die kwalitatiewe navorsing was te alle tye vrywillig, ingeligte

toestemming het verseker dat die lede van die onderzoekgroep wel vrywilliglik deelgeneem het en dat hulle hulle te eniger tyd aan die ondersoek kon onttrek. Die prosedure is aan die ondersoekgroep verduidelik, naamlik dat vrae met betrekking tot hul behoeftes en verwagtinge sal kan lei tot die ontwikkeling van 'n effektiewe program vir vrywillige werkers. Die doel van die ondersoek is verduidelik. Respondente is dus nie mislei nie. Alle persoonlike inligting is anoniem en vertroulik hanteer. Toestemming is reeds op 11 Februarie 2008 tydens 'n Beheerraadsvergadering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes verkry ten einde die navorsing vanuit die dienssentrum te mag doen (kyk **Addendum 2**). Die Beheerraad is deurlopend op hoogte gehou rakende die vordering van die navorsing. Die deelnemers is na afloop van die verwerking van die data met 'n spesiale byeenkoms volledig oor die bevindings ingelig (Strydom, 2005b:57-67).

6.2.6 Dataverwerking

Die selfontwerpte vraelys wat meestal beide kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting bevat, is deur die navorser self ontleed en per hand verwerk. Die gestandaardiseerde skaal is rekenaarmatig ooreenkomstig die rekenaarpakket van Perspektief Opleidingskollege (2008) verwerk. Met behulp van die verskillende meetinstrumente is triangulering van data bereik. Elke meetinstrument het sy leemtes en sterkpunte, maar met triangulering het die sterkte van die een prosedure vir die leemtes van die ander gekompenseer (Babbie, 2007:113; Patton, 2002:306).

7. BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die beperkings van die studie kan soos volg weergegee word:

- ♣ Die skrif van die Multisiftingsinventaris is te klein vir die afgetredenes. Lettergrootte moet minstens 12 pt wees.
- ♣ Dit was moeilik om die geskikte meetinstrument te vind wat werklik meet wat dit veronderstel is om te meet.
- ♣ Die navorser kon geen meetinstrument wat op bejaardes betrekking het, opspoor nie.

8. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Begrippe wat herhaaldelik in die navorsingsverslag gebruik word, word soos volg omskryf:

8.1 AFTREDE

Van Zyl (1992) omskryf aftrede volledig as sy sê dat aftrede gesien kan word as uittrede, die beëindiging van die alledaagse werksroetine, die neerlê van 'n betrekking na 'n aantal jare diens waartydens die betrokke in 'n spesifieke beroep binne 'n besondere werksomgewing gestaan het.

Myburgh (1999) som aftrede op as 'n voorval of gebeurtenis wat groot veranderinge in 'n persoon se lewe teweeg bring – 'n status wat 'n persoon bereik in opvolging van aftrede met 'n verskil in sosiale posisie, maar ook met eie unieke rolle, verwagtinge en verantwoordelikhede, 'n proses wat in fases plaasvind en die aanvaarding van 'n nuwe situasie wat bepaalde uitdagings bied, en moontlik die oorkoming van probleme behels. Aftrede is in wese 'n komplekse sosiale fenomeen wat elkeen se lewe raak.

8.2 BEJAARDE

Die Wet op ouer persone (13 van 2006) verwys nie meer na 'n bejaarde nie, maar na 'n ouer persoon. 'n Ouer persoon is 'n persoon wat, in die geval van 'n man vyf-en-sestig jaar en ouer is, en in die geval van 'n vrou sestig jaar en ouer is.

“Om oud te word, is erg; maar die alternatief is erger.”

Honoré de Balzac

8.3 DIENSSENTRUM

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:10) omskryf 'n dienssentrum as 'n nie-residensiële fasiliteit vir dienslewering aan bejaarde persone asook die voorsiening van geleenthede vir gesellige verkeer en deelname aan ontspannings-, opvoedkundige en kulturele programme.

Swanepoel (1995:114), Van den Heever (1990:1) en Van Donkersgoed (1992:145) omskryf 'n dienssentrum as die middelpunt vanwaar gemeenskapsdienste deur 'n welsyns- of ander

goedgekeurde instansie tot voordeel van of aan bejaardes gelewer word. Dienssentrums het ten doel om alle noodsaaklike ondersteunende hulpdienste te lewer en ontspanningsgeleenthede te skep wat bejaardes in staat stel om solank moontlik selfstandig, onafhanklik, menswaardig en as volwaardige lede van die gemeenskap te bly.

8.4 GEMEENSKAP

'n Gemeenskap is 'n samestelling van mense wat binne 'n geografies begrensde gebied woon, in wisselwerking met mekaar verkeer en wat 'n verbondenheid met mekaar en met die plek het waar hulle woon (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:18).

8.5 VRYWILLIGER

Volgens Hugo en Slabbert (1990:252) is 'n vrywilliger 'n persoon wat ingeskakel is by 'n welsynsorganisasie of gemeenskapsinstelling en dienste ooreenkomstig die behoefte van kliënte en die gemeenskap aan hulle lewer sonder geldelike vergoeding.

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:70) definieer 'n vrywilliger as 'n persoon wat aanbied of wat gewerf word om 'n diens by 'n welsynsinstansie te lewer, gewoonlik sonder vergoeding. Daar moet klem gelê word op die feit dat die persoon die dienste spontaan en nie onder dwang verrig nie, maar dat dit 'n vrywillige vorm van naastediens is. Vrywilligers is nie altyd spesifiek opgelei vir die take wat hulle verrig en verteenwoordig nie – 'n kaleidoskopiese repertoire van kennis, houdings en vaardighede (Swanepoel, 1996:178; Wolmarans, 1985:1).

Roux (2008) beskryf die vrywilliger as 'n persoon wat sonder geldelike vergoeding en sonder om in 'n formele werknemer-werkgewerverhouding staan, welsynsdienste onderneem of daarmee behulpsaam is.

9. KEUSE EN STRUKTUUR VAN NAVORSINGSVERSLAG

In die aanbieding van die navorsingsresultate en -verslag word gebruik gemaak van die artikelformaat soos deur die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit gespesifiseer. Die navorsingsverslag word oorhoofs in vier afdelings aangebied:

9.1 AFDELING A: ALGEMENE INLEIDING

Die eerste afdeling dien as algemene inleiding waarin aspekte rakende die probleemstelling, navorsingsvrae, navorsingsdoelstelling en -doelwitte, sentraal teoretiese stelling, tydperk van ondersoek, navorsingsmetodologie, beperkings van die studie, omskrywing van begrippe, keuse en struktuur van die navorsingsverslag vervat is.

9.2 AFDELING B: ARTIKELS

Die tweede afdeling bevat twee tersaaklike artikels wat opeenvolgend uiteengesit word. Nadere besonderhede insake hierdie afdeling word soos volg in Skematiese Voorstelling 1 uiteengesit:

SKEMATIESE VOORSTELLING 1: UITEENSETTING VAN AFDELING B

ARTIKEL 1: TITEL	REDES WAAROM EN TERREINE WAAROP AFGETREDE VRYWILLIGERS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES BETROKKE RAAK.
Doelwitte:	Doelwit 1 Om vas te stel wat die redes is waarom afgetredenes as vrywilligers betrokke raak by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Doelwit 2 Om vas te stel op watter terreine van die dienssentrum afgetredenes as vrywilligers betrokke is.
Vaktydskrif:	Maatskaplike Werk / Social Work (geakkrediteer)
ARTIKEL 2: TITEL	PSIGOSOSIALE FUNKSIONERING, SELFPERSEPSIE EN WERKSWAARDES VAN AFGETREDE VRYWILLIGERS WAT BETROKKE IS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES.
Doelwitte:	Doelwit 1 Om die psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die afgetrede vrywilliger wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vas te stel. Doelwit 2 Om te bepaal hoe die profiel van die vrywilligers wat by die dienssentrum vir bejaardes betrokke is, daar uitsien, en wat hul verwagting van die personeel is ten opsigte van erkenning, verantwoordelikhede en vergoeding.
Vaktydskrif:	Maatskaplike Werk / Social Work (geakkrediteer)

9.3 AFDELING C: SAMEVATTENDE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Hierdie afdeling omvat die samevattende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die studie na vore gekom het. Aanbevelings word gedoen rakende verdere ondersoekmoontlikhede vir 'n program vir personeel van 'n dienssentrum rakende die sinvolle benutting en bestuur van vrywillige werkers.

9.4 AFDELING D: ADDENDUMS

Al die addendums wat vir die studie benut is, word hierby ingesluit. Dit sluit in die brief waarin toestemming van die Beheerraad van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes versoek word om die ondersoek te doen, die skrywe van die Beheerraad, die selfopgestelde vraelys, die gestandaardiseerde vraelys, 'n fotobeeld van die dienssentrum, 'n fotobeeld van aktiwiteite waarby afgetrede vrywilligers betrokke is en die voorskrifte van die vaktydskrif waarvolgens die artikels voorberei is.

9.5 AFDELING E: SAAMGESTELDE BIBLIOGRAFIE

Die laaste afdeling is 'n saamgestelde bibliografie van al die bronne wat tydens die studie geraadpleeg is.

AFDELING A : ALGEMENE INLEIDING
BIBLIOGRAFIE

- BABBIE, E.** 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Wadsworth.
- BAILEY, K.D.** 1994. Methods of social research. New York: The Free Press.
- BOTHA, P.A.** (pabotha@sca.co.za) 21 Maart 2008. Plaaslike dienssentrum vir bejaardes. E-pos aan: Jansen van Rensburg, S.M. (dsanet@lantic.net)
- BURNS, N. & GROVE, S.K.** 2005. The Practice of Nursing Research: conduct, critique & utilization. Texas: Saunders.
- CRESWELL, J.W.** 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. London: Sage Publishers.
- GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B.** 2003. Research methods for the behavioural sciences. New York: Thomson Wadsworth.
- GREEFF, M.** 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)
- GRINNELL, R.M.** 2001. Social Work research and evaluation. Quantitative & Qualitative Approach. United States: F.E. Peacock Publishers.
- HUGO, E.A.K. & SLABBERT, L.** 1990. Die benutting van vrywilligers binne 'n organisasie soos Nimro. Social Work / Maatskaplike Werk, 26(3):251-259, Augustus.
- KNEPSCHELD, E.** 1998. 'n Maatskaplikewerk-ondersoek na die behoefte aan 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie – B.A.(M.W.))
- KRÚGER, E.** 2008. Vrywillige werkers in bejaardesorg. *Plus 50*, (3/4):18-20, Jan/Feb.

MITCHELL, M. & JOLLEY, J. 2001. Research Design Explained. New York: Harcourt College Publications.

MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DEJONG, C.R. 2005. Applied social research: A tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.

MULTISIFTINGSINVENTARIS. 2008. Perspektief Opleidingskollege. Potchefstroom: Perspective Training College.

MYBURGH, M. 1999. Voorbereiding vir aftrede: 'n Bedryfsmaatskaplike werk ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.A.(M.W.)) 315 p.

NEUMAN, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. New York: Allyn and Bacon.

NTUSI, N. & FERREIRA, M. 2004. South African doctors and elderly patients. *Bold*, 15(1):3-13.

NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.

PATTON, M.Q. 2002. Qualitative research and evaluation methods. Thousand Oaks, CA: Sage.

PERSPEKTIEF OPLEIDINGSKOLLEGE. 2008. Perspektief & Walmyr Assessment Scales. Potchefstroom: Perspective Training College.

ROUX, A.A. 2008. Opleidingskursus vir vrywilligers van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. (Voordrag gelewer as deel van die opleidingskursus vir vrywilligers betrokke by maatskaplike werk op 30 Januarie 2008.) Potchefstroom. 5 p. (Ongepubliseer.)

RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. Research Methods for Social Work. London: Thomson Brooks/Cole.

SOUTH AFRICA. Department of Social Development. 2005. South African policy for older persons. Pretoria: Government Printers. March.

STATISTICS SOUTH AFRICA. 2001. Census.

<http://www.statssa.gov.za/census01/Census/Dialog/Saveshow.asp> Date of access:
29 March 2008.

STOKER, D.J. 1985. Sampling. Personal communication to the author. Pretoria: Human Sciences Research Council.

STRYDOM, H. 1993. Die benutting van vrywilligers by 'n dienssentrum vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO.

STRYDOM, H. 2005a. Sampling and sampling methods. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 192-204.)

STRYDOM, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 56-70.)

SUID-AFRIKA. 2006. Older Persons Act, act no 13 of 2006. Republic of South Africa. Cape Town: Government Printer, 2 November 2006.

SWANEPOEL, C.M. 1996. Gemeenskapshuise: 'n alternatiewe behuisingsmoontlikheid vir selfversorgende bejaardes in Suid-Afrika. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.Sc.)

SWANEPOEL, L. 1995. Die mishandeling van bejaardes in Heidedal 'n Maatskaplikewerkperspektief. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.Sc.)

VAN DEN HEEVER, J. 1990. Die doel en waarde van 'n dienssentrum. *Senior nuus*, 23(1):1-2, Maart.

VAN DER LINDE, H.W.G. 1996. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Bejaardes: Jaarverslag. Kaapstad.

VAN DONKERSGOED, M.L. 1992. 'n Maatskaplikewerk-bestuursmodel ter ondersteuning van 'n geselekteerde groep bejaardes. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.SC.)

VAN ZYL, C.C. 1992. 'n Maatskaplikewerk-model vir aftredebeplanning. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Verhandeling – M.Sc.)

WET *kyk* SUID-AFRIKA

WOLMARANS, I.S. 1985. Vrywillige werkkragte. (Indiensopleiding. Ned. Geref. Kerk: Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid). Pretoria: Noord-Transvaal.

AFDELING B
ARTIKELS 1 EN 2

*“As ’n mens aanhou besig bly en steeds die skoonheid van die wêreld rondom jou
raaksien, sal jy vind dat ouderdom nie oud wees beteken nie.”*
(Pablo Casals)

ARTIKEL 1 :

REDES WAAROM EN TERREINE WAAROP AFGETREDE VRYWILLIGERS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES BETROKKE RAAK

1. INLEIDING

Ten einde aktief te verouder moet mense so lank moontlik konstruktief, positief en besig leef (Eckley, 2007). Die betrokkenheid van vrywilligers laat hulle nuttig en diensbaar voel, hulle ontvang erkenning en waardering, hulle bly op hoogte van die jongste verwikkelinge, hulle het minder alleentje en hulle aanvaar eienaarskap van die dienssentrum. Van der Linde (2007) stel dit duidelik as hy sê dat ouer mense oor 'n leeftyd se kennis, lewenservaring en humor beskik. Dit stel hulle in staat om veel meer waarde en diepte uit elke ervaring te kan put as wat jongeres dit ooit kan doen. Sherwood (soos aangehaal deur Ozrovec, 2006:514) verwys na navorsing wat gedoen is onder nagenoeg 400 van die bekendste mense. Van hulle is staatsmanne, skilders, soldate, digters, fiksieskrywers, geskiedskrywers sowel as skrywers van ander prosa. So is daar egter bevind dat daar tussen die ouderdomme 60 en 70 jaar 35% van die wêreld se grootste prestasies behaal is. Tussen die ouderdomme 70 en 80 jaar het 23% van die prestasies voorgekom en in die jare na 80 was dit 6%. Dit wil dus sê dat 64% van die groot prestasies van die lewe behaal is deur mense wat ouer as 60 jaar was.

Aftrede is nie alleen 'n tyd van rus en ontspanning nie. Leeson (2006) maak bekend dat 'n gevoel van iets terug gee baie vrywilligers voortdryf om betrokke te raak by welsyns-organisasies. Om vir iemand iets te doen, te gee of te beteken bring sin in 'n mens se lewe en veral in dié van die bejaarde. Vrywillige betrokkenheid is addisionele mannekrag. Afgetredenes is die rykste bron van vrywilligers, want dit is 'n teikengroep wat meer vrye tyd op hande het en oor deurleefde kennis en ervaring beskik. In 'n voordrag wat gelewer is by 'n opleidingsgeleentheid wat deur die Ondersteuningsraad aangebied is, het Thomson (1986) gesê dat die waarde van 'n vrywilliger nie daarin lê om die vrag werk van die betaalde personeel te verlig nie, maar om dienste aan kliënte uit te brei - dienste wat die personeel nie ook nog kan behartig nie.

2. PROBLEEMSTELLING

Die South African Policy for Older Persons (SA, 2005:4) meld dat daar van die 1996- tot 2001-sensusopname 'n 4% groei in ouer persone plaasgevind het en dat 'n verandering in die familiestruktuur plaasgevind het ten opsigte van die rolle van ouer persone in sowel die familie as die gemeenskap. Aldus die Oktober 1996-sensusopname het Suid-Afrika 40,5 miljoen inwoners gehad waarvan 6.9% ouer as 60 jaar was. Die 2001-sensusopname bevestig dat daar 7.3% (3.28 miljoen) uit 'n populasie van 44.8 miljoen ouer as 60 jaar was; dus 'n groei van 0.4% (South African Policy for Older Persons, 2005:11). Ntusi en Ferreira (2004:3) voorspel dat die 80-jariges en ouer se persentasie van 8% in 2002 na 19% in 2050 gaan verdubbel. In die Noordwes Provinsie was daar in 1996 7.9% persone ouer as 60 jaar (224 010 persone) teenoor 2001 se 8.2% (269 500 persone); dus 'n groei van 0.3% in 4 jaar. Nagenoeg 10 403 persone ouer as 60 jaar is in Potchefstroom woonagtig (Statistics South African, 2001).

Die huidige ontwikkeling van die mense se vermoëns lê in die rigting van groter selfonderhoud binne 'n ondersteunende en versorgende omgewing. 'n Merkbare aksentverskuiwing het plaasgevind - weg van residensiële na gemeenskapsorganisasies het plaasgevind. Dit beteken dat slegs die erg verswaktes na inrigtings verskuif sal word (Van der Linde, 1996:1). 'n Kosbare werkkrag van jonger bejaardes kan nog vir die gemeenskap beskikbaar en waardevol wees.

Badenhorst (1988:1) berig tydens die opening van 'n ouetehuis in Mosselbaai dat die era van ouetehuisse iets van die verlede is en die bejaardes se potensiaal nou eerder benut moet word. Dit is tog belangrik om na die volgende komponente van afgetrede vrywilligers te kyk, naamlik hul waarde as vrywilligers, hul eienskappe, die betekenis wat vrywillige werk vir die afgetredene inhou en beweegredes vir bejaardes om as vrywilligers betrokke te raak.

In hierdie artikel sal ingegaan word op waarom afgetrede persone as vrywillige werkers by 'n dienssentrum inskakel en op watter terreine hulle sodanig betrokke is. Bejaardes moet die geleentheid gebied word om hul kennis en kundigheid teen vergoeding terug te ploeg ten einde ekonomies minder afhanklik te wees (Knepscheld, 1998:34). Dit is dalk 'n ideaal, maar besighede, die Suid-Afrikaanse regering, organisasies en instansies is wel nog baie sterk ingestel op aftrede. Wanneer 'n werknemer aftree-ouderdom bereik, tree hy uit diens. Daar kan egter genoem word dat Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes afgetredenes al met

groot welslae as personeel in diens geneem het, onder andere 'n afgetrede verpleegkundige, telefoniste, haarkapper, naeldeskundige en voertuigbestuurder. Persone van 60-jarige ouderdom en ouer is by hierdie ondersoek ingesluit.

Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes sluit jaarliks af met 'n gemiddeld van 1 200 opbetaalde lede. Verskeie ander dienssentrums in ons land sluit weens finansiële probleme, te min betrokkenheid van lede en 'n tekort aan mannekrag. Gedurende 1995 was daar 385 geregistreerde dienssentrums vir bejaardes in Suid-Afrika, terwyl daar in 1998 slegs 188 was (South African Policy for Older Persons, 2005:45). Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vier vanjaar (2008) sy 25ste bestaansjaar en word landswyd beskryf as 'n unieke, dinamiese en suksesvolle dienssentrum. Navrae vanoor die hele land word gereeld aan die bestuur gerig rakende hulp en leiding ten opsigte van die stig van soortgelyke dienssentrums. 'n E-pos van 21 Maart 2008 is 'n voorbeeld hiervan: "Ek verstaan die Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes lewer 'n unieke diens aan die gemeenskap. Op Plettenbergbaai bestaan nie 'n sentrum van die aard nie. Die stigting van so 'n sentrum benodig aandag. Mag ons vra vir u hulp en leiding vir ondersoek in hierdie verband" (Botha, 2008).

'n Vraag wat altyd gestel word, is wat tot die suksesvolle voortbestaan van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes bydra. Is dit effektiewe bestuur, die betrokkenheid van die gemeenskap, die skakeling met gemeenskapshulpbronne, aktiewe betrokkenheid van die lede of is dit sinvolle programme en aktiwiteite wat vir afgetredenes aangebied word? Al die genoemde komponente is egter belangrik en moet in balans wees vir die suksesvolle voortbestaan van 'n dienssentrum.

Van Zyl (1992:2) stel dit duidelik as sy sê dat die oorgang tussen die aktiewe werkfase en aftrede aanpassing meebring waarmee rekening gehou moet word, byvoorbeeld verminderde maandelikse inkomste, meer vrye tyd, moontlike verandering van woonomgewing, verlies aan vriende, groter lewensverwagting en vele meer. 'n Vraag wat onwillekeurig op die voorgrond tree, is enersyds of die dienssentrum vir bejaardes daardie funksie vervul om te voldoen aan die behoefte van ouer persone om hul vrye tyd sinvol te bestee en moontlik nuwe vriende te ontmoet, en andersyds, watter rol die vrywilligers hierin speel. Afgetredenes het meer tyd tot hul beskikking, hul vriendekring word al kleiner en dikwels verloor hulle 'n lewensmaat, hul selfvertroue begin afneem, hulle beleef gevoelens van nutteloosheid en alledaagse take word vir hulle te veel (Van den Heever, 1990:1). Dit is maar enkele van die

probleme wat afgetredenes ervaar. In hierdie studie sal ingegaan word op 'n verskeidenheid moontlike fasette waarby vrywilligers betrokke kan raak en diensbaar kan wees. Strydom (1993:48) meen dat dit 'n sensitiewe aangeleentheid is om bejaarde vrywilligers by bejaarde kliënte te plaas en dat die saak verdere navorsing vereis. Vrywilligers is mense wat sonder finansiële vergoeding hul tyd, kennis en vermoëns beskikbaar stel vir die bevordering van 'n bepaalde saak (Krüger, 2008:18). Aldus Thomson (1986) het vrywilligers die hoeksteen gevorm vir die ontwikkeling van welsynsdienste in Suid-Afrika.

3. NAVORSINGSVRAAG

Wat is die redes waarom en terreine waarop afgetrede vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum betrokke raak?

4. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek kan soos volg weergegee word:

4.1 OORHOOFSE DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing is om ondersoek in te stel na die redes waarom en terreine waarop afgetrede vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke raak.

4.2 DOELWITTE

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik sal die volgende doelwitte nagestreef word:

Doelwit 1

Om vas te stel wat die redes is waarom afgetredenes as vrywilligers betrokke raak by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes.

Doelwit 2

Om vas te stel op watter terreine van die dienssentrum afgetredenes as vrywilligers betrokke is.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek is onderneem ten opsigte van die rol en behoeftes van die betrokke teikengroep.

5.1 LITERATUURSTUDIE

Die literatuurstudie is onderneem om die data te ondersteun of te verwerp, of om nuwe insigte rakende die ondersoek te verkry. Riglyne vir 'n program word saamgestel en ontwikkel ten einde afgetrede vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes meer effektief te benut.

Gepubliseerde wetenskaplike bronne is bestudeer, tydskrifte is nagegaan en gesprekke is met kundiges gevoer. Databasisse wat benut is: Internet, Academic Search Premier, ISAP, EBSCO en PsycINFO.

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek sluit die volgende komponente in:

5.2.1 Die ontwerp

Volgens Burns en Grove (2005:211) vorm die navorsingsontwerp die strukturele raamwerk van die studie. Hierdie ontwerp word uitgebou in terme van die gemengde metodologie benadering en spesifiek die gelyktydige geïntegreerde strategie (Creswell, 2009:214-215). Hierdie strategie kom neer op die gelyktydige insameling van twee tipes data tydens 'n enkele data insamelingsfase, dus in die geval kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Die verkennende ontwerp word benut omdat min navorsing op hierdie gebied gedoen is (Mitchell & Jolley, 2001:G-3; Rubin & Babbie, 2005:123-124). Riglyne sal aanbeveel word vir 'n program wat vir afgetrede vrywilligers saamgestel kan word ten einde die behoeftes, psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die teikengroep vas te stel (Grinnell, 2001:29; Neuman, 2003:54-55). Die ontwikkeling van die volledige program sal in 'n later stadium aandag geniet en val dus buite die bestek van hierdie ondersoek.

5.2.2 Deelnemers

Die kwantitatiewe ondersoek het betrekking op manlike en vroulike deelnemers 60 jaar en ouer. Drie en dertig persent (44 respondente) afgetrede vrywilligers van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes is betrek (Stoker, 1985). Die teikengroep is met behulp van waarskynlikheidseleksie ooreenkomstig die sistematiese steekproef geselekteer (Strydom, 2005a:200). Die name van al die bejaardes wat as vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is, is alfabeties georden. Die tweede persoon op die ranglys is aanvanklik geselekteer en dan met intervale van drie tot die verlangde persentasie deelnemers (44 persone) verkry is.

5.3 MEETINSTRUMENTE

Data is ingesamel aan die hand van 'n selfopgestelde vraelys en 'n gestandaardiseerde meetinstrument wat die navorser gehelp het om die fokusgroepe te lei. Greeff (2005:292) wys daarop dat die skedule waardevol is as dit gebruik word vir kwalitatiewe navorsing waar daar op sekere belangrike areas gefokus word waar ruimte gelaat word vir buigsaamheid. Die vraelys is opgestel met oop- en geslote-eindevrae. Ten einde die triangulering van data en aanvullende data te kan verkry is 'n gestandaardiseerde metingsvraelys, naamlik die Multisiftingsinventaris (2008) gebruik. Die elemente wat gemeet is, is die volgende:

- a) Psigososiale funksionering, wat insluit: prestasiegerigheid, tevredenheid, verwagtinge, frustrasies, spanning en hulpeloosheid;
- b) selfpersepsie wat die volgende komponente insluit: innerlike onsekerheid, skuldgevoelens en nutteloosheid; sowel as
- c) komponente van werkswaardes.

Hierdie meetinstrumente is in groepsverband hanteer.

5.4 PROSEDURE

Die opnameprosedure is tydens die ondersoek benut. Opname word omskryf as die ondersoekmetode waarvolgens data uit 'n verteenwoordigende steekproef ingesamel word sodat die veranderlikes van toepassing is op groot en klein populasies (Bailey, 1994:110).

Persone wat vir die opnameprosedure geselekteer is, is telefonies genader ten einde instemming tot deelname te verkry. Vier fokusgroepe bestaande uit 6, 13, 13 en 12 persone is oor 'n tydperk van twee weke heen gehou om die nodige inligting te bekom.

5.5 ETIESE ASPEKTE

Etiese goedkeuring is van die Etiekkomitee van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry. Die verwysingsnommer is **NWU-0017-08-S1**. Deelname aan die ondersoek, was te alle tye vrywillig en ingeligte toestemming het verseker dat die lede van die ondersoekgroep wel vrywilliglik deelgeneem het en dat hulle hulle te eniger tyd aan die ondersoek kon onttrek. Die prosedure is aan die ondersoekgroep verduidelik, naamlik dat vrae met betrekking tot hul behoeftes en verwagtinge sal kan lei tot die ontwikkeling van 'n effektiewe program vir vrywillige werkers. Die doel van die ondersoek is verduidelik; hulle is dus nie mislei nie. Alle persoonlike inligting is anoniem en vertroulik hanteer. Toestemming is op 11 Februarie 2008 reeds tydens 'n Beheerraadsvergadering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes verkry ten einde die navorsing vanuit die dienssentrum te mag doen. Die Beheerraad is ook deurlopend op hoogte gehou rakende die vordering van die navorsing. Die deelnemers is na afloop van die insameling en verwerking van die data volledig oor die bevindings ingelig tydens 'n spesiale geleentheid wat vir alle deelnemers gereël was, (Strydom, 2005b:57-67).

5.6 DATAVERWERKING

Die selfopgestelde vraelys wat meestal beide kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting bevat, is deur die navorser self ontleed en per hand verwerk. Die gestandaardiseerde skaal is rekenaarmatig ooreenkomstig die rekenaarpakket van Perspektief Opleidingskollege (2008) verwerk. Met behulp van die twee verskillende meetinstrumente is triangulering van data bereik, waar die leemtes en sterkpunte van elke meetinstrument in ag geneem is. Met die kwalitatiewe en kwantitatiewe empiriese ondersoek, gepaard met die literatuurstudie, is triangulering bewerkstellig om die betroubaarheid van die data te verhoog. Triangulering is die toepassing van verskillende metodes om ooreenstemmende bevindinge te toets (Babbie, 2007:113; Patton, 2002:306).

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Begrippe wat herhaaldelik in hierdie navorsingsverslag gebruik word, word kortliks soos volg omskryf:

6.1 AFTREDE

Van Zyl (1992) omskryf aftrede volledig as sy sê dat aftrede gesien kan word as uittrede, die beëindiging, van die alledaagse werksroetine, die neerlê van 'n betrekking na 'n aantal jare diens waartydens die persoon in 'n spesifieke beroep binne 'n besondere werksomgewing gestaan het.

Myburgh (1999) som aftrede op as 'n voorval of gebeurtenis wat groot veranderinge in 'n persoon se lewe teweeg bring – 'n status wat 'n persoon bereik in opvolging van aftrede met 'n verskil in sosiale posisie, maar ook met eie unieke rolle, verwagtinge en verantwoordelikhede, 'n proses wat in fases plaasvind en die aanvaarding van 'n nuwe situasie wat bepaalde uitdagings stel, en moontlik die oorkoming van probleme behels. Aftrede is in wese 'n komplekse sosiale fenomeen wat elkeen se lewe raak.

6.2 BEJAARDE

Die Wet op ouer persone (13 van 2006) verwys nie meer na 'n bejaarde nie, maar na 'n ouer persoon. 'n Ouer persoon is 'n persoon wat, in die geval van 'n man vyf-en-sestig jaar en ouer is, en in die geval van 'n vrou sestig jaar en ouer is.

6.3 DIENSSENTRUM

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:10) omskryf 'n dienssentrum as 'n nie-residensiële fasiliteit vir dienslewering aan bejaarde persone asook die voorsiening van geleenthede vir gesellige verkeer en deelname aan ontspannings-, opvoedkundige en kulturele programme.

Suid-Afrika (1991), Swanepoel (1995:114), Van den Heever (1990:1) en Van Donkersgoed (1992:145) omskryf 'n dienssentrum as die middelpunt vanwaar gemeenskapsdienste deur 'n welsyns- of ander goedgekeurde instansie tot voordeel van of aan bejaardes gelewer word. Dienssentrums het ten doel om alle noodsaaklike ondersteunende hulpdienste te lewer en ontspanningsgeleenthede te skep wat bejaardes in staat stel om solank moontlik selfstandig, onafhanklik, menswaardig en as volwaardige lede van die gemeenskap te bly.

6.4 GEMEENSKAP

'n Gemeenskap is 'n samestelling van mense wat binne 'n begrensde gebied woon, in wisselwerking met mekaar verkeer en wat 'n verbondenheid met mekaar en met die plek het waar hulle woon (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:18).

6.5 VRYWILLIGER

Volgens Hugo en Slabbert (1990:252) is 'n vrywilliger 'n persoon wat ingeskakel is by 'n welsynsorganisasie of gemeenskapsinstelling en dienste ooreenkomstig die behoefte van kliënte en die gemeenskap aan hulle lewer sonder geldelike vergoeding.

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:70) definieer 'n vrywilliger as 'n persoon wat aanbied of wat gewerf word om 'n diens by 'n welsynsinstantie te lewer, gewoonlik sonder vergoeding. Daar moet klem gelê word op die feit dat die persoon die dienste spontaan en nie onder dwang verrig nie, maar dat dit 'n vrywillige vorm van naastediens is. Vrywilligers is nie altyd spesifiek opgelei vir die take wat hulle verrig en verteenwoordig nie – 'n kaleidoskopiese repertoire van kennis, houdings en vaardighede (Swanepoel, 1996:178; Wolmarans, 1985:1).

Roux (2008) beskryf die vrywilliger as 'n persoon wat sonder geldelike vergoeding en sonder om in 'n formele werknemer-werkgewerverhouding staan, welsynsdienste onderneem of daarmee behulpsaam is.

7. DIE EFFEK VAN AFTREDE

Volgens Steenkamp (2006:16) is aftrede iets wat maar redelik onlangs, naamlik in die 19de eeu, gebruiklik geword het. Die Duitse Rykskansellier Otto von Bismarck het aftrede ingestel, nie omdat hy dit wou hê nie – as dit van hom afgehang het, sou elkeen moes werk tot hy sterf – maar omdat sy onderdane dit gevra het. Daar word dikwels gesê dat dit Bismarck was wat van die Duitsers sulke hardwerkende mense gemaak het.

Mense reageer verskillend op aftrede. Janson (1990:81-87) is van mening dat daar reeds in die veertigerjare van 'n mens se lewe sekere aanpassings of aanvaardings moet plaasvind ten einde suksesvol te kan aftree. Hy noem die volgende aspekte:

- ≈ aanvaar jouself,
- ≈ aanvaar die ouerwordende proses,
- ≈ maak vrede met die verlede,
- ≈ maak vrede met die hede, en
- ≈ maak vrede met die toekoms.

Met aftrede is daar in talle gevalle 'n verlies aan sosiale kontak. Die ouderdom bring ook mee dat liggaamskragte afneem en bepaalde behoeftes ontstaan waaraan 'n dienssentrum kan voldoen. Hoe afgetredenes hul aftrede gaan beleef en benut, hang af van hul lewensingesteldheid.

Uit 'n studie van Van Zyl (1992) blyk gevoelens na aftrede die volgende te wees: die individue het daarna uitgesien, hulle beleef 'n gevoel van verligting en minder spanning, maar ook negatiewe gevoelens soos onsekerheid, leegheid, doelloosheid en 'n soeke na die self. Die vier dinge wat 'n afgetrede persoon nodig het, meen Stim en Warner (2008), is geld, goeie gesondheid, 'n netwerk van familie en vriende en betrokkenheid by aktiwiteite wat genot kan verskaf. Kulik (2006) se studie het ook uitgewys dat uitbranding minder by vrywilligers voorkom as by werkende persone en getroudes – dit word toegeskryf aan die feit dat vrywilligers uit vrye wil betrokke is.

8. DOELSTELLING VAN 'N DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

'n Verskeidenheid doelstellings van 'n dienssentrum kan soos volg uitgelig word. Die primêre doelstelling, soos Strydom (1978:117) dit stel, is om die vraag na inrigtingsversorging van bejaardes te laat afneem en bejaardes te help om 'n selfstandige en betekenisvolle bestaan in die gemeenskap te voer.

Die doel van 'n dienssentrum is gefundeer op die staat se bejaardesorgbeleid. Deur middel van dienste en programme word die bejaarde ondersteun en in staat gestel om so lank moontlik selfstandig in die gemeenskap te funksioneer (Van der Walt, 1986:55).

'n Dienssentrum behoort in die bejaardes se liggaamlike, geestelike, sosiale en materiële behoeftes te voorsien (Behr, 1971:52). Dienssentrums het ten doel om alle noodsaaklike ondersteunende hulpdienste te lewer en ontspanningsgeleenthede te skep wat die senior burger in staat stel om solank moontlik sinvol, selfstandig, onafhanklik en menswaardig in die gemeenskap aan te bly, dit wil sê in sy eie huis of woonstel en dus buite 'n tehuis vir bejaardes (Van den Heever, 1990). University of Minnesota (2008) berig dat die Morris Dienssentrum sosiale aktiwiteite aanbied, naamlik handwerk, deurnaaiwerk (quilting), speel met kaarte (onder andere brug) en die speel van ander speletjies. Verder bied die Morris Senior en Gemeenskapsentrum 'n smaaklike gebalanseerde ete aan en lewer ook etes af aan die huisgebonde mense. In teenstelling met dié dienssentrum is die belangrikste dienste en aktiwiteite wat vanuit Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes (2008b) aangebied word, onder andere die volgende:

TABEL 1 : Primêre dienste

Etes - by die dienssentrum	Maatskaplike werk – gevallewerk
– tuis	– groepwerk
Vervoer – na die sakesentrum	– administrasie
– dienssentrum	– gemeenskapswerk
– dokters	Gesondheidsdienste – kliniek
– hospitaal	– tuisverpleging
Tuishulpdienste	– 24-uurversorging
Tuinhulpdienste	Uitverhuring van mediese hulpmiddels

TABEL 2 : Sekondêre dienste

Haarsalondienste	Binnemuurse aktiwiteite
– tuis	– koor
– by die dienssentrum	– sanggroep
Weeklikse klubbyeenkomste bestaande uit die volgende programme: – Kultuur	– “tenpin bowling”
– Geestelik	– trimjim
– Verrykend	– brug
– Sosiaal	– vingerbord
Toere en uitstappies	– rummykub
Buitemuurse aktiwiteite: – jukskei	– houtsneewerk
– rolbal	Alternatiewe gesondheidsdienste

Bogenoemde tabelle (**Tabelle 1 en 2**) lig die primêre en sekondêre dienste wat deur die dienssentrum aangebied word, duidelik uit. Genoomde dienste is daarop gerig om die afgetredenes deur middel van ondersteunende dienste in staat te stel om so lank moontlik selfstandig in die gemeenskap te kan funksioneer, vrye tyd sinvol saam met tydgenote deur te bring, nuwe stokperdjies of 'n sportaktiwiteit aan te leer en nuwe vriendskappe te kan

smee. Indien nuwe behoeftes geïdentifiseer word, word dit ondersoek en indien moontlik geïmplementeer.

Lede van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes berig soos volg oor die dienssentrum:

- ♪ "Hier het ons lewe na aftrede begin."
- ♪ "Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes is 'n veilige hawe waarin jou lewensboot op sy laaste reis kan anker gooi."
- ♪ "Die sekuriteit van mense wat omgee en met liefde versorg, is die droom van elke ouerwordende persoon."
- ♪ "Die dienssentrum is eenvoudig bo die grense van grammatika of woordvoeging as 'n mens wil beskryf wat dit vir ons beteken."
- ♪ 'n Gesegde onder die lede: "Sluit aan by die dienssentrum en bly jonk."

9. BENUTTING VAN AFGETREDENES AS VRYWILLIGERS BY DIE DIENSSENTRUM

Swanepoel (1999:139) noem dat afgetrede vrywilligers kan help met navorsing ten opsigte van die identifisering van behoeftes, probleme en hulpbronne in die gemeenskap. Todes (2003:79) wys daarop dat vrywillige werk so georganiseer behoort te word dat die vrywilliger 'n tyd lank weg kan wees maar ook weer kan terug kom en sy take kan vervat waar hy opgehou het. Myburgh (1999:84) sê dat navorsing bewys het dat al hoe meer ouer werknemers in die praktyk uitstaan ten opsigte van hulle kennis, ervaring, vaardighede en kliëntgeoriënteerdheid. Ouer werknemers is emosioneel meer stabiel en aanpasbaar en goeie hanteerders van krisis. Hulle is meer betroubaar en toegewyd en hulle ervaring gee hulle dikwels die agtergrond om komplekse take makliker uit te voer.

'n Probleem van 'n hele aantal nuwingsgewende organisasies is te veel werk, onvoldoende fondse en dat hulle nie plek inruim vir vrywillige hulp nie. Gedurende 1998 is 'n studie deur UPS Foundation (Stim en Warner, 2008:87; 90) gedoen waarvan die resultate daarop dui dat 41% van die persone wat gereeld as vrywilligers gehelp het, dienste gestaak het as gevolg van die feit dat die welsynsorganisasie hulle tyd en talente nie voldoende benut het

nie. Byna 60% van hierdie groep sou graag meer vrywillige werk wou doen indien hulle tyd beter benut sou word. Vrywilligers moet aanvaar dat hulle moontlik bykomstige opleiding of onderrig nodig om vrywillige werk te kan doen wat vir hulle daadwerklike bevrediging bied. Dit is baie belangrik om die regte welsynsorganisasie te vind waarmee jy kan vereenselwig (Stim & Warner, 2008:87, 90). Dit is egter belangrik om die vrywilliger nodig te laat voel (Mann, 1989).

Clark (1991:51) noem dat dit 'n baie goeie idee is om die werkloses as vrywilligers te betrek, want werklose persone het oortruie tyd en beskik ook oor 'n verskeidenheid moontlik bruikbare vaardighede. Aan die ander kant bring dit nie finansies in vir die werklose wat sy dienste as vrywilliger aanbied nie, maar 'n mate van doel en nut, isolasie en depressie, voorkoming van die verlies aan status en die geleentheid om saam met ander 'n gedeelde strewe te verwesenlik.

9.1 WAARDE VAN AFGETREDE VRYWILLIGERS

Daries (1999:119) beweer dat bejaarde vrywilligers suiwer goud is. Hulle het 'n leeftyd se lewenservaringe om te deel en hulle het 'n vasberadenheid, is veerkragtig en geduldig. Hulle is deur vuur en reën en het stories om te vertel wat ons moet hoor en waarop ons ag moet slaan. Na aftrede het hulle waardevolle tyd om aan die gemeenskap te bestee. Die waarde van vrywilligers, meen Daries (1999:119), is dat hulle die betaalde personeel tyd bespaar, dat hulle 'n verlengstuk van hulpbronne is, en dat hulle meer persoonlike aandag aan bejaardes kan bestee vanweë die feit dat hulle meer tyd tot hulle beskikking het as die betaalde personeel.

Le Roux (1985) sê dat sy bevind het dat 40% van haar respondente te kenne gegee het dat vrywilligers nie betroubaar is nie en dat hulle inligting nie vertroulik kan hanteer nie. 'n Opleidingsprogram vir vrywilligers kan verseker dat hierdie negatiewe ingesteldheid teenoor vrywilligers verander.

9.2 EIENSKAPPE VAN VRYWILLIGERS

Golden (1991:231), Morris (1969:228), Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes (2008c), Rörich (1992:171), Routh (1972:40-41), Roux (2008:1) en Slabbert (1989:143-144) noem die volgende eienskappe waarvoor vrywilligers behoort te beskik:

- mag nie persoonlik by die deurwerk van 'n lewenskrisis betrokke wees nie
- vriendelikheid is 'n belangrike eienskap vir diegene wat met mense werk
- om geduld met mense en take te kan hê en 'n goeie deursettingsvermoë
- 'n belangstelling in mense en 'n begeerte om hulle te help
- 'n Christelike lewensbeskouing
- om pligsgetrou en betroubaar te wees
- om nie te persoonlik by ander se probleme betrokke te raak nie
- om begrip en empatie te kan toon
- om oor goeie interpersoonlike verhoudings en goeie kommunikasievermoëns te beskik
- om emosioneel stabiel te wees
- om verantwoordelik te wees
- om gemotiveerd te wees
- om vertroulikheid te kan handhaaf
- om te glo in die moontlikhede van mense
- om met ander in 'n span te kan saamwerk
- 'n positiewe gesindheid
- vrywilligers moet opreg en aanpasbaar wees
- lojaal wees teenoor die organisasie en die kliënte
- buigsaam kan wees
- selfhandhawend te kan optree

Die sewe eienskappe wat die sterkste uit bogenoemde outeurs se standpunte na vore gekom het, was betroubaarheid, vriendelikheid, buigsaamheid, empatie, selfhandhawing, verantwoordelikeheidsin en kommunikasie vaardighede. Al die eienskappe is egter baie belangrik wat deur die onderskeie navorsers genoem is.

9.3 BETROKKENHEID IN JONGER JARE

Uit die selfopgestelde vraelys in die vraag oor waarby die respondente in hul vroeë jare betrokke was, het die volgende resultate na vore gekom. (Respondente kon aandui dat hulle by meer as een instansie betrokke was.)

TABEL 3 : Betrokkenheid by organisasies of instansies

ORGANISASIE/INSTANSIE	JA	%	NEE	%	TOTAAL	%
Welsynsorganisasies	15	34%	29	66%	44	100%
Kerk	42	95%	2	5%	44	100%
Skool	39	89%	5	11%	44	100%
Ander	19	43%	25	57%	44	100%

Uit **Tabel 3** kan afgelei word dat vrywilligers vroeër veral by die kerk (95%) en skool (89%) betrokke was. Bogenoemde tabel in ag genome, is dit duidelik dat die betrokke deelnemers reeds as jongmense by nuwingsgewende organisasies of instansies as vrywilligers betrokke was. Dit is dus nie vreemd dat hulle hul dienste vir die dienssentrum, wat ook 'n welsyns-organisasie is, aanbied nie. Diegene wat ander aangedui het, was onder andere, betrokke by rapportryers, naaldwerkkklub by 'n ouetehuis, noodhulp, rolbalvereniging, voortrekkers, vroue landbou-unie, pluimbal-unie, fondsinsamelingsprojekte en dames leerkring.

9.4 TYDPERK VAN BETROKKENHEID AS VRYWILLIGER BY DIE DIENSSENTRUM

Die meeste respondente het as vrywilligers by die dienssentrum betrokke geraak direk nadat hulle as lede van die dienssentrum aangesluit het.

TABEL 4 : Tydperk van betrokkenheid by die dienssentrum

AANTAL JARE	PERSONE	PERSENTASIE
0 – 5 jaar	24	54%
6 – 10 jaar	14	32%
11 – 15 jaar	3	7%
16 – 20 jaar	3	7%
TOTAAL	44	100%

Uit Tabel 4 blyk dit dat 54% van die respondente 5 jaar en korter as vrywilligers by die dienssentrum betrokke is en 32% van die respondente reeds tussen 6 en 10 jaar.

9.5 DIE BETEKENIS WAT VRYWILLIGE WERK VIR BEJAARDES INHOU

Vrywillige werk bied bejaardes die geleentheid om aktief in die gemeenskap betrokke te kan raak of bly. Dit bied baie keuses ten opsigte van presies hoe hulle 'n blywende bydrae kan lewer. Daar is geleentheid vir persoonlike ontwikkeling en groei. Baie organisasies bied opleidingskursusse aan wat nie net vir die bejaardes leer wat van hulle verwag word nie, maar ook geleenthede bied om nuwe vaardighede aan te leer. Hierdie verstandelike stimulering is belangrik vir die instandhouding van gesondheid gedurende die senior jare. Bejaardes kan hulle vreugdes deel en hul geskiedenis met 'n heel nuwe gehoor deel. Nuwe vriendskappe kan gesluit word en hulle kom in aanraking met alle generasies. Vrywillige werk kan 'n volkome nuwe betekenis tot die lewe voeg. Die vreugde van vrywillige werk lê in die feit dat jy 'n keuse uitoefen oor watter werk jy wil doen, die tyd wat jy daarvoor beskikbaar wil stel, waar jy wil werk en steeds die bevrediging te smaak deur te weet dat jy 'n verskil in iemand anders se lewe maak (Daries, 1999).

In 'n ooppeindevraag wat kwalitatiewe data gemeet het rakende die betekenis wat vrywillige werk vir bejaardes inhou, kon die respondente soveel aspekte noem as wat hulle wou. Die mees algemene redes wat aangevoer is, word soos volg weergegee:

TABEL 5 : Betekenis van vrywillige werk	
Voel nodig en dit beteken vir hulle baie	41,3%
Dit gee bevrediging	28,3%
Is lekker en 'n goeie tydverdryf	28,3%
Is verrykend en gesellig	13,0%
Dit maak hulle gelukkig en maak die lewe sinvol	10,9%
Hulle maak nuwe vriende	6,5%

Een van die mens se basiese behoeftes is om êrens tuis en welkom en ook nodig te voel, dus maak dit heeltemal sin dat 41,3% aangedui het dat hulle deur die lewering van vrywillige diens nodig voel en dat die werksaamhede vir hulle baie beteken. Dit is ook goed om te weet dat hulle bevrediging daaruit put en dat hulle dit as 'n aangename en goeie tydverdryf beskou. Vrywillige werk is immers gesonde tydverdryf.

Redes vir vrywillige betrokkenheid wat deur Kulik (2006) en Le Roux (1985:119) aangedui word, is onder andere:

- 'n Begeerte om ander te help sonder die verwagting van direkte vergoeding en die uitlewing van godsdienstige waardes en naastediens (altruïstiese motief). "Vrywillige betrokkenheid lei tot 'n beter gemeenskap."
- 'n Begeerte om te voldoen aan die sosiale norme van gedrag aangaande vrywillige aktiwiteite (konformis-motief). "Die meeste mense in my gemeenskap is vrywillige werkers."
- 'n Behoeftte aan persoonlike ontwikkeling en daaraan om meer te leer (persoonlikegroeimotief). "Ek wil my horisonne verbreed."
- 'n Begeerte om vrye tyd te vul (vryetyd-motief). "Ek het niks om in my vrye tyd te doen nie."
- Persoonlike erkenning. Dit bring die gevoel mee dat die bejaarde nog 'n verskil kan maak en iets vir iemand anders kan beteken.

Op 'n kwalitatiewe vraag wat die afgetredene se betrokkenheid as vrywilliger vir hom beteken, kan die volgende opgemerk word:

- ♣ Vrywilligers wil graag naastediens lewer. Dit het by al drie (Kulik, 2006; Le Roux, 1985:119; Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes, 2008) die onderskeie navorsingsbronne na vore gekom as die rede wat die meeste persone aangedui het.
- ♣ Godsdienstige waardes het na vore gekom in die twee ondersoeke (Le Roux, 1985:119; Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes, 2008) wat in Suid-Afrika gedoen is, dit is moontlik omdat daar heelwat klem gelê word op diens wat ons uit dankbaarheid moet verrig vir alles wat ons van ons Hemelse Vader ontvang.
- ♣ Vrywilligers wil hulle graag nog ontwikkel en verryk, en die vul van vrye tyd, was die derde in rang by die navorsing oor bejaarde vrywilligers wat by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is en vierde in rang in die navorsing van Kulik in Israel.
- ♣ Dit is interessant dat dit net uit die navorsing op Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes na vore gekom het dat vrywilligers die liefde en waardering wat hulle van die personeel ontvang as nog 'n rede aandui waarom hulle as vrywilligers betrokke raak.

9.6 HOE KINDERS VOEL OOR BEJAARDE OUIERS SE BETROKKENHEID AS VRYWILLIGERS

Die respondente is gevra om aan te dui wat hulle dink hoe hul kinders voel oor hul betrokkenheid as vrywilligers by die dienssentrum. In volgorde van wat die meeste deelnemers sê:

- ♣ Ons kinders voel goed en positief.
- ♣ Die kinders is dankbaar dat ons nog betrokke kan wees en uit die huis kom.
- ♣ Ons kinders moedig ons aan.
- ♣ Weet nie hoe die kinders voel nie.

Oor die algemeen blyk dit dus dat die kinders van die bejaardes wat as vrywilligers betrokke is, gelukkig en tevrede is met die feit dat hul ouers nog diensbaar wil wees. Dit is ook 'n

goeie aanduiding vir kinders dat hul ouers nie ophou leef het toe hulle die dag afgetree het nie.

9.7 TAKE WAARBY EN TERREINE WAAROP VRYWILLIGERS BETROKKE IS

Die 70-jarige swemafrigter, Yuch-nu (2008), meen dat niemand ooit te oud is of dat dit te laat is om as 'n vrywilliger te begin nie. Take waarmee die vrywilligers binne die dienssentrum behulpsaam is en terreine waarop hulle dienste lewer word kortliks hieronder weergegee.

Beheer en bestuur

Bejaarde lede van die dienssentrum dien op die beheerraad, dienstekomitee en finansiële komitee van die dienssentrum waar hulle die bestuur van die dienssentrum van advies bedien.

Administrasie

Take waarmee behulpsaam was, is onder andere tikwerk, taalkundige versorging, grafiese ontwerp van inligtingsblaaië, hou van notules, aflewering van lief-en-leedkaartjies aan medebejaardes en die vertaling van dokumente.

Maatskaplike werk

Besoek van eensame bejaardes, aflewering van voedselpakkies en komberse by bejaardes in maatskaplike nood, bemoediging van hartseer lede, hantering van 'n koekdonasieprojek ten einde fondse in te samel vir bejaardes wat etes van die dienssentrum moet ontvang, hulp met uitstallings, hulp aan bejaardes met betrekking tot pensioen- en mediese navrae.

Aanry-etes

Is behulpsaam met die vervoer van etes wanneer personeel met verlof is. Die dienssentrum voorsien ook daaglikse ontbyt en middag- en aandetes aan aftree-orde en hospitale waarmee vrywillige werkers behulpsaam is.

Etes

Help met die invordering van gelde, ontvang gaste op Sondae, wys sitplekke aan, ontvang betaling vir etes, hou bywoningsregisters bygewerk, dra etes aan en bedien dit.

Spyseniering

Help met die voorbereiding van geregte, voorbereiding en pak van vingereetgoedjies vir kliënte, opskop van geregte tydens funksies, hantering van klein funksies namens die personeel, dek van tafels, maak van blommeranskikkings en die skink van koffie en tee.

Gesondheidsdienste

Is behulpsaam met gesondheidsiftingsgeleenthede: neem bloeddruk en doen glukosetoetse. Hulle besoek siek bejaardes tuis en in die hospitaal, neem siekes na hospitale en dokters, herstel mediese toerusting, gee mediese inligting aan parkensons ondersteuningsgroep en verskaf advies aan personeel.

Fondswerwingsprojekte

Help met die verkoop van toegangskartjies, tree op as gasvroue en gashere by projekte, help met die voorsiening van kos en verversings, beman weekliks 'n bak-en-broutafel van die dienssentrum, bestuur 'n tweedehandsegoedere-winkel van die dienssentrum, help met die verkope in die winkel en merk en sorteer die items wat vir die winkel ontvang is.

Sosialiseringsaktiwiteite

Dien as afrigters of instrukteurs, tree as aktiwiteitsleiers op en help om die aktiwiteite selfstandig te laat funksioneer, hou bywoningsregisters in stand en help met die saamstel van sosiale programme.

Skakelbord

Hanteer die dienssentrum se skakelbord wanneer die betrokke personeellid met verlof is of ander afdelings van die dienssentrum onder druk verkeer.

Vervoer

Tydens toere en uitstappies word van vrywilligers gebruik gemaak om hierdie belangrike diens te verskaf. Hierdie diens word met die dienssentrum se voertuie gelewer.

Nutsman

Klein takies in en om die dienssentrum word deur ons eie bejaarde manne verrig. Help om krane te vervang, rakke aan te bring, elektriese toebehore te herstel en foto's en skilderye te hang.

Kafeteria

Die dienssentrum bedryf ook 'n kafeteria by 'n skoonheidsakademie en die vrywilligers help met die opskep van etes, hulle bedien die studente wat etes van die dienssentrum se kafeteria ontvang en tel die voorraad en toerusting.

Naaldwerk

'n Groep dames help met die maak van tafeldoeke, vatlappe, voorskote en oorlappe en doen ander herstelwerk vir die dienssentrum.

Take van vrywilligers, volgens Daries (1999:121), is onder andere die aanbied van programme vir gesellige verkeer, vervoerdienste, die bedryf van die biblioteek, fondsinsameling, ontspanningsprogramme, groep- en handwerk, opvoedkundige programme, gesondheidsdienste, administrasie, aanry-etes, tuishulpdienste, inkopiedienste, herstelwerk by dienssentrum en beheerfunksie.

Daar is ook die maatskaplike waardes en etiek wat vrywilligers aanmoedig om by die gemeenskap betrokke te raak (Wuthnow, 1990). Terwyl bogenoemde motiewe fokus op maatskaplike bewustheid om ander te help, fokus ander motiewe daarop om in die vrywilliger se persoonlike behoeftes te voorsien. Maatskaplike motiewe is byvoorbeeld uitgedruk in pogings om nuwe verhoudings met mense op te bou en deel van die gemeenskap te voel (Chapman, 1985). Mense neem aan dat werklose vrywilligers en afgetredenes wat nie vir 'n salaris werk nie, soms onervuld voel en soek na vervulling deur vrywillige betrokkenheid (Kulik, 2006). Die bejaarde vrywilliger ken die leefwêreld van die bejaarde en die binnewerke van die dienssentrum.

Hier volg 'n tabel met die tipes dienste, die aantal persone wat daarby betrokke is, die aantal ure wat gewerk is en die gemiddelde aantal ure per persoon:

TABEL 6 : Dienste, persone en ure betrokke as vrywilliger

TIPE DIENS	AANTAL PERSONE	AANTAL URE PER JAAR	GEMIDDELDE URE PER PERSOON
Komitee	27	360	13.3
Administrasie	17	126	7.4
Maatskaplike werk	36	1209	33.6
Aanry-etes	3	24	8.0
Etes	6	91	15.2
Spyseniering	71	849	12.0
Gesondheidsdienste	1	9	9.0
Fondswerwingsprojekte	87	1185	13.6
Sosialiseringsaktiwiteite	26	331	12.7
Skakelbord	9	190	21.1
Vervoer	4	90	22.5
Nutsman	2	135	67.5
Kafeteria	2	442	221.0
Naaldwerk	6	72	12.0
TOTALE AANTAL URE	-	5113	-
GEMIDDELDE AANTAL URE	-	-	17.22

Vrywilligers is by meer as een aktiwiteit betrokke wat die totale aantal persone verklaar. Vir die verslagtydperk 1 April 2007 tot 31 Maart 2008 (Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes, 2008b) is die gegewens, soos in **Tabel 6** uiteengesit, uit die Besigheidsplan (2007/2008) verkry. Die totale aantal afgetrede vrywilligers wat by die dienssentrum betrokke is, is 132 wat ouer is as 60 jaar. Uit bogenoemde tabel blyk dit dat die twee vrywilligers wat by die kafeteria betrokke is, elk 221 uur gewerk het, die nutsmanne 67.5 uur en diegene by die maatskaplikewerk-departement met die derde meeste aantal ure, naamlik 33.6. Die rede waarom die vrywillige ure van elke aktiwiteit so wesenlik verskil, is die feit dat sekere aktiwiteite daaglik plaasvind waar vrywilligers benodig word en ander weeklik of kwartaalliks. Daar moet egter op gewys word dat syfers nie honderd persent korrek is nie,

want van die personeel vergeet om die korrekte aantal ure of die name van die persone vir registerdoeleindes deur te gee. Vrywilligers is soms ook so betrokke by die dienssentrum se dienste en aktiwiteite dat personeel vergeet om dit in die register vir vrywilligers aan te teken.

TABEL 7 : Wyse/s waarop die respondente by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is

Fondswerwingsprojekte	17	24%	Spyseniering	17	24%
Komiteelid	8	11%	Administratief	8	11%
Maatskaplike werk	5	7%	Tweedehandsegoedere-winkel	4	5%
Beheerraad	4	9%	Aktiwiteitsleier	3	4%
Voertuigbestuurder	2	3%	Naaldwerk	2	3%
Nutsman	2	3%	Ander	0	0%

Sommige vrywilligers is by meer as een komponent van vrywillige werk by die dienssentrum betrokke. Die meeste is egter by fondswerwingsprojekte en spyseniering van die dienssentrum betrokke. Spyseniering word ook vanuit die dienssentrum gedoen as 'n deurlopende fondsinsamelingsprojek. Die deelnemers het ook aangedui dat hulle gemiddeld 8 uur per week beskikbaar is vir vrywillige werk by die dienssentrum. Le Roux (1985:118) se studie het getoon dat die gemiddelde werksure van die vrywilligers wat by haar navorsing betrokke was, 11 uur per week werksaam was. In die huidige ondersoek was die aantal ure dus heelwat minder omdat die dienssentrum voldoende vrywilligers beskikbaar het. Daar word daarteen gewaak om nie slegs van sekere bejaardes gebruik te maak nie en ook nie te veel take en verantwoordelikhede aan net enkeles op te dra nie.

10. BESPREKING

Vrywilligers kan moontlik probleme in verhoudings ondervind met diegene wat van dienste gebruik maak. Hulle kan dit dalk byvoorbeeld moeilik vind om met kliënte oor die weg te kom wat moeilik is of wat eise stel of met die afsterwe van kliënte. Dit kan vrywilligers moontlik frustreer of nutteloos laat voel, of dit kan daartoe lei dat hulle angstigheid en selfs depressie beleef, wat weer uitbranding tot gevolg kan hê (Haski-Levinthal, 2001; Lehrman-Abarbanel, 1994).

Die relatief kort periodes wat vrywilligers by dienslewering betrokke is, kan ook 'n aanduiding wees van 'n groot omset van vrywilligers. Vrywilligers is dikwels nie bereid om hulle lang periodes aaneen te bind nie, of hulle vind na 'n periode van diens uit dat hulle nie gelukkig is in hul werk nie en hou dan op daarmee. Die voordeel om van vrywilligers gebruik te maak kan gemeet word aan die betaalde ure wat deur hul diens gespaar word (Le Roux, 1985:118-119). As 'n mens die aangeduide aantal ure van 5 113 van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes in rand en sent sou moes bereken, sou dit onmoontlik wees om al die kosbare dienste te lewer, want dit sou vir die dienssentrum finansiëel nie haalbaar gewees het nie.

Indien afgetredenes met hul kennis en kundigheid op georganiseerde wyse as vrywilligers by dienssentrums vir bejaardes betrokke raak, kan dit bydra tot 'n meer koste-effektiewe funksionering van dienssentrums se dienste en aktiwiteite.

11. AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word gedoen:

- 'n Program moet vir die personeel van die dienssentrum ontwikkel word ten einde sinvol met die bejaarde vrywilligers te kan werk.
- Nie alle personeel beskik oor die kundigheid om effektief met mense om te gaan nie; hulle het opleiding nodig rakende die leefwêreld van die bejaarde en die hantering en bestuur van vrywilligers.
- Deur oor 'n profiel van vrywilligers te beskik stel 'n mens ook in staat om te weet hoe die vrywilligers met wie jy werk, daar uitsien, wat hul belangstellings en verwagtinge is en hoeveel tyd en watter ure hulle tot hulle beskikking het.
- 'n Program vir vrywilligers sal van groot waarde wees. Leiding kan dan aan personeel van dienssentrums en ander nuwingsgewende organisasies gegee word. Sodoende kan afgetrede vrywilligers meer effektief benut word.

12. SAMEVATTING

In hierdie afdeling het die soeklig geval op die redes waarom ouer persone as vrywilligers by 'n dienssentrum betrokke raak en op watter terreine. Voordat die redes en terreine onder die soeklig geplaas is, is daar gefokus op die effek van aftrede, die doelstelling van 'n

dienssentrum en die benutting van afgetredenes as vrywilligers. Daar is verder ingegaan op die waarde, eienskappe en betekenis van vrywillige werk, hoe die kinders van die vrywilligers voel oor hul betrokkenheid en die take waarby en terreine waarop die vrywilligers betrokke is. Vrywillige werkers verlig beslis die werksdruk van die betaalde personeel en lewer kosbare diens aan die bejaarde lede van die dienssentrum.

13. AANBEVOLE LEESWERK

- a) Retire Happy: What you can do now to guarantee a great retirement. – Stim en Warner.
- b) Besigheidsplan van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. – Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes.
- c) Die benutting van vrywilligers by 'n dienssentrum vir bejaardes. – Strydom.
- d) Die wet op ouer persone. – Suid-Afrika.
- e) World Volunteer Web. – Yuch-Nu.

'n Volledige bronverwysing vir genoemde aanbevole leeswerk is in die bibliografie opgeneem.

AFDELING B : ARTIKEL 1

BIBLIOGRAFIE

BABBIE, E. 2007. The practice of social research. 11th ed. Belmont: Wadsworth.

BADENHORST, P. 1988. Minister open aftree-oord op Mosselbaai. Bejaardes se potensiaal moet benut word. *Die Burger:* 10 Nov. <http://152.111.1.252/argief/berigte/dieburger/1988/11/10/17/20.html> Datum van gebruik: 13 Jul. 2008.

BAILEY, K.D. 1994. Methods of social research. New York: The Free Press.

BEHR, B.J. 1971. Suid-Afrika Republiek: Gemeenskapsdienste vir bejaardes. Pretoria: Staatsdrukker.

BOTHA, P.A. (pabotha@sca.co.za) 21 Maart 2008. Plaaslike dienssentrum vir bejaardes. E-pos aan: Jansen van Rensburg, S.M. (dsanet@lantic.net)

BURNS, N. & GROVE, S.K. 2005. The Practice of Nursing Research: conduct, critique & utilization. Texas: Saunders.

CHAPMAN, T.H. 1985. Motivation in university student volunteering. (*In Moore, L.F., ed. Motivating volunteers.* Vancouver, BC: Vancouver Volunteer Center. p. 231-242.

CLARK, C.L. 1991. Theory and Practice in Voluntary Social Action. University of Edinburgh. Avebury. England: Gower Publishing Company Limited.

CRESWELL, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. London: Sage Publishers.

DARIES, J. 1999. Older volunteers – a vital link in community care. National Conference 11 – 13 August 1999. The South African Council for the Aged.

ECKLEY, S. 2007. Aktiewe Veroudering - Hoe raak dit ouer mense. (Voordrag gelewer as deel van die Expo 50 Plus op 1 Oktober 2007.) Pretoria. 6 p. (Ongepubliseer.)

- GOLDEN, G.K.** 1991. Volunteer counselors: an innovative economic response to mental health service gaps. *Social Work*, 36(3): 230-232, May.
- GREEFF, M.** 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)
- GRINNELL, R.M.** 2001. Social Work research and evaluation. Quantitative & Qualitative Approach. United States: F.E. Peacock Publishers.
- HASKI-LEVINTHAL, D.** 2001. Ahat ultamid: Hatmada veneshira shel mitnadvim bemerkaz lenifga'ei tkifa minit beyerushalayim [Once and for all: Longevity and attrition of volunteers at a sexual assault crisis centre in Jerusalem]. The Paul Baerwald School of Social Work. The Hebrew University of Jerusalem. (Unpublished master's thesis.)
- HUGO, E.A.K. & SLABBERT, L.** 1990. Die benutting van vrywilligers binne 'n organisasie soos Nimro. *Social Work / Maatskaplike Werk*, 26(3):251-259, Augustus.
- JANSON, M.** 1990. Veertig plus. Pretoria: N.G. Kerk Uitgewers.
- KNEPSCHELD, E.** 1998. 'n Maatskaplikewerk-onderzoek na die behoefte aan 'n gekombineerde dienssentrum-kleuterskool. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie B.A. (M.W.))
- KRÚGER, E.** 2008. Vrywillige werkers in bejaardesorg. *Plus 50*, (3/4):18-20, Jan/Feb.
- KULIK, L.** 2006. Burnout among volunteers in the social services: The impact of gender and employment status. *Journal of community Psychology*, Vol. 34, No. 5, 541-561. Wiley Periodicals, Inc. (www.interscience.wiley.com).
- LEESON, G.W.** 2006. Attitudes to Ageing and Old Age. The Danish Longitudinal Future Study. Oxford: University of Oxford. 73 p.
- LEHRMAN-ABARBANEL, M.** 1994. Havayat omes rigshi etzel toranei eran [Experience of emotional overload among crisis hotline workers]. The Paul Baerwald School of Social Work. The Hebrew University of Jerusalem. (Unpublished master's thesis.)

- LE ROUX, A.M.** 1985. Die inskakeling van vrywillige werkkragte by dienssentrums vir bejaardes. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling – M.A. (M.W.))
- MANN, K.** 1989. Care for the elderly at home and the use of volunteers. *Senior Nuus*, 23(1):3-4, Maart.
- MITCHELL, M. & JOLLEY, J.** 2001. Research Design Explained. New York: Harcourt College Publications.
- MORRIS, M.** 1969. Voluntary work in the welfare state. London: Routledge and Kegan Paul.
- MULTISIFTINGSINVENTARIS.** 2008. Perspektief Opleidingskollege. Potchefstroom: Perspective Training College.
- MYBURGH, M.** 1999. Voorbereiding vir aftrede: 'n Bedryfsmaatskaplike werk ondersoek. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.A.(M.W.)) 315 p.
- NEUMAN, W.L.** 2003. Social Research Methods: qualitative and quantitative approaches. New York: Allyn and Bacon.
- NTUSI, N. & FERREIRA, M.** 2004. South African doctors and elderly patients. *Bold*, 15(1):3-13.
- NUWE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK.** 1995. Kaapstad: CTP Book Printers.
- OZROVECH, S.** 2006. Die Grootboek van illustrasies van die lewe vir die lewe. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy. 763 p.
- PATTON, M.Q.** 2002. Qualitative research and evaluation methods. Thousand Oaks, CA: Sage.
- PERSPEKTIEF OPLEIDINGSKOLLEGE.** 2008. Perspektief & Walmyr Assessment Scales. Potchefstroom: Perspective Training College.
- POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES.** 2008a. Jaarverslag. Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES. 2008b. Besigheidsplan. Potchefstroom. (Ongepubliseer.)

POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES. 2008c. Mondelinge mededeling van die departementshoofde van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes aan die outeur. Potchefstroom.

RÖRICH, W.B.K. 1992. Die ontwikkeling en evaluering van primêre voorkomingsprogramme vir kindermishandeling deur die benutting van die vrywilliger by die Witbankse Kindersorgvereniging. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling - (M.A.(M.W.)) 275 p.

ROUTH, T.A. 1972. The volunteer and community agencies. Illinois: Charles C. Thomas Publishers.

ROUX, A.A. 2008. Opleidingskursus vir vrywilligers van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. (Voordrag gelewer as deel van die opleidingskursus vir vrywilligers betrokke by maatskaplike werk op 30 Januarie 2008.) Potchefstroom. 5 p. (Ongepubliseer.)

RUBIN, A. & BABBIE, E.R. 2005. Research Methods for Social Work. London: Thomson Brooks/Cole.

SA **kyk** SOUTH AFRICA.

SLABBERT, L. 1989. Die benutting van vrywilligers binne 'n organisasie soos Nimro. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – M.A.(M.W.)) 413 p.

SOUTH AFRICA. Department of Social Development. 2005. South African policy for older persons. Pretoria: Government Printer. March.

STATISTICS SOUTH AFRICA. 2001. Census.

<http://www.statssa.gov.za/census01/Census/Dialog/Saveshow.asp> Date of access: 29 March 2008.

STEENKAMP, J.J. 2006. Vergeet van aftree! *Konteks*. Sentik, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria: 16 September.

- STIM, R. & WARNER, R.** 2008. Retire Happy: What you can do now to guarantee a great retirement. Berkeley: Nolo.
- STOKER, D.J.** 1985. Sampling. Personal communication to the author. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- STRYDOM, H.** 1978. 'n Verkenning van die toepassingsmoontlikhede van maatskaplike groepwerk by dienssentrum vir bejaardes. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif - (D.Phil.)) 350 p.
- STRYDOM, H.** 1993. Die benutting van vrywilligers by 'n dienssentrum vir bejaardes. Potchefstroom: PU vir CHO. 55 p.
- STRYDOM, H.** 2005a. Sampling and sampling methods. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 192-204.*)
- STRYDOM, H.** 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 56-70.*)
- SUID-AFRIKA.** Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. 1991. Omsendbrief 23 van 1991. Bejaardesorg: Subsidiëring van dienssentrum vir bejaardes. Pretoria: Staatsdrukker.
- SUID-AFRIKA.** 2006. Older Persons Act, act no 13 of 2006. Republic of South Africa. Cape Town: Government Printer, 2 November 2006.
- SWANEPOEL, C.M.** 1996. Gemeenskapshuise: 'n alternatiewe behuisingsmoontlikheid vir selfversorgende bejaardes in Suid-Afrika. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.Sc.)
- SWANEPOEL, C.M.** 1999. Maatskaplike behoeftes van bejaardes in Gauteng sedert 1994. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Proefskrif – Ph.D.) 262 p.

SWANEPOEL, L. 1995. Die mishandeling van bejaardes in Heidedal - 'n Maatskaplike-werkperspektief. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.Sc.)

THOMSON, M. 1986. Effective Volunteering. (Voordrag gelewer as deel van die opleiding van die maatskaplike werkers betrokke by Die Ondersteuningsraad gedurende Oktober 1986.) Johannesburg: Voluntary Aid Bureau. 7 p. (Ongepubliseer.)

TODES, A. 2003. Peer-caring among senior citizens at fifteen subsidised service centres in the Cape Town metropole. Cape Town: University of Cape Town. (Verhandeling – M.A.(M.W.)) 333 p.

UNIVERSITY OF MINNESOTA. 2008. Why is the Elder Partnership Initiative Important to West Central Minnesota? *Service learning.* <http://www.morris.umn.Edu/academic/sl/elderpartnerships.html> Date of access: 18 Des. 2008.

VAN DEN HEEVER, J. 1990. Die doel en waarde van 'n dienssentrum. *Senior Nuus*, 23(1):1-2, Maart.

VAN DER LINDE, A. 2007. Aktief en positief? Dan leef jy langer en lekkerder. (In IntegriSure for Insurance, Aktiewe veroudering – 'n uitdaging vir ons tyd: 2007 Simposium georganiseer deur Expo 50 Plus. Pretoria:)

VAN DER LINDE, H.W.G. 1996. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Bejaardes. Jaarverslag. Kaapstad.

VAN DER WALT, E.M. 1986. Die taak van die maatskaplike werker in die daarstelling van 'n dienssentrum vir bejaardes. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.A.(M.W.)) (Ongepubliseer.)

VAN DONKERSGOED, M.L. 1992. 'n Maatskaplikewerk-bestuursmodel ter ondersteuning van 'n geselekteerde groep bejaardes. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (Verhandeling - M.Soc.SC.)

VAN ZYL, C.C. 1992. 'n Maatskaplikewerk-model vir aftredebeplanning. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Verhandeling – M.Sc.) 245 p.

WET **kyk** SUID-AFRIKA

WOLMARANS, I.S. 1985. Vrywillige werkkragte. (Indiensopleiding. Ned. Geref. Kerk: Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid). Pretoria: Noord-Transvaal.

WUTHNOW, R. 1990. Religion and the voluntary spirit in the United States: Mapping the terrain. (In Wuthnow, R. & Hodgkinson, V., eds. Faith and philanthropy in America: Exploring the role of religion in America's voluntary sector. San Francisco: Jossey-Bass. p. 3-21.)

YUCH-NU, C. 2008. Volunteer sees age as no impediment to her work. <http://www.worldvolunteerweb.org/browse/volunteering-issues/seniorvolunteers.html> Date of access: 18 Des. 2008.

ARTIKEL 2 :

PSIGOSOSIALE FUNKSIONERING, SELFPERSEPSIE, WERKSWAARDES, PROFIEL EN VERWAGTINGE VAN AFGETREDE VRYWILLIGERS WAT BETROKKE IS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

1. INLEIDING

Vrywilligers lewer waardevolle dienste by welsynsorganisasies. Ten einde hul langtermyn-betrokkenheid te verseker is dit belangrik om hulle beter te ken en te weet wat hul verwagtinge van 'n organisasie is. Wheeler, Gorey en Greenblatt (1998) bevestig die belangrike rol van vrywilligers en hul betrokkenheid by die hedendaagse gemeenskap. Dit word beklemtoon deur die gereelde en konstante vermindering in welsynsbegrotings en die toenemende maatskaplike nood van die bevolking. Deur vrywilligers se betrokkenheid is dit moontlik om gemeenskapsdienste beskikbaar te stel wat die regering nie in staat is om te lewer nie. Vrywilligers kan professionele personeel aanvul en kan hulle bystaan met dienste en take wat nie professionele vaardighede vereis nie. In hierdie artikel word ingegaan op die bevindinge van die Multisiftingsinventaris, sowel as die selfopgestelde vraelys ten opsigte van die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge van die afgetrede vrywilligers.

2. PROBLEEMSTELLING

Daar is nog nie vanuit wetenskaplik maatskaplike navorsing ondersoek ingestel na die sukses van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes nie. Indien daar bewys kan word dat 'n dienssentrum die eerste plek moet wees wat afgetredenes behoort op te soek en dat alle dienssentrums 'n geleentheid aan afgetredenes bied om hul deurleefde kennis en kundigheid op 'n vrywillige basis aan die dienssentrum beskikbaar te stel, kan dit die bekommernis en spanning van aftrede help verlig. Dit kan dalk ook 'n uitkoms wees vir kinders om te weet dat hul ouers terapeuties, aktief en sinvol met hul eie portuurgroep besig is. Die vraag kan dus

tereg gestel word of die betrokkenheid van afgetrede vrywilligers 'n onmisbare rol vir die dienssentrum vir bejaardes vervul.

Onkunde en oningeligtheid van personeel oor die afgetrede vrywilliger is in baie gevalle die rede waarom daar so 'n groot hoeveelheid vrywilligers bestaan. Sou 'n mens die vrywilliger beter ken, sou hy/sy beter benut en aangewend kon word in die organisasie waar hulle van groter waarde sou kon wees en sou hulle ook meer bevrediging uit hul dienslewering kon put. In hierdie artikel word daar dus gefokus op die psigososiale funksioneringsareas wat insluit prestasiegerigtheid, tevredenheid, verwagtinge, spanning, frustrasies en hulpeloosheid. By selfpersepsie sal aandag geskenk word aan innerlike onsekerheid, nutteloosheid en skuldgevoelens. Wat die werkswaardes betref, sal finansiële vergoeding, prestige, bereikingsgerigtheid, besorgdheid oor ander, sosiale interaksie, intieme verhoudings, persoonlike ontwikkeling en morele waardes in oënskou geneem word. Die waarde van die profiel van die afgetrede vrywilliger stel die organisasie in staat om te weet hoe die potensiële vrywilliger se profiel lyk. Deur te weet wat afgetrede vrywilligers van die personeel en organisasie verwag, kan onsekerheid uit die weg geruim word en ongelukkighede voorkom word en verseker word dat die organisasie gelukkige en tevrede vrywilligers in diens het.

3. NAVORSINGSVRAAG

Wat is die aard van die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge van die afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes?

4. DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing is om ondersoek in te stel na die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge van die afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

Doelwit 1

Om die psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die afgetrede vrywilliger wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vas te stel.

Doelwit 2

Om te bepaal hoe die profiel van die vrywilligers wat by die dienssentrum vir bejaardes betrokke is, daar uitsien, en wat hul verwagting van die personeel ten opsigte van erkenning, verantwoordelikhede en vergoeding is.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

'n Literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek is oor die onderwerp gedoen, die profiel van afgetrede vrywilligers en verwagtinge van die betrokke teikengroep.

5.1 LITERATUURSTUDIE

Die literatuurstudie is onderneem om die data te ondersteun of te verwerp, of om nuwe insig rakende die ondersoek te verkry. Riglyne vir 'n program behoort saamgestel en ontwikkel te word ten einde afgetrede vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes meer effektief te benut.

Gepubliseerde wetenskaplike bronne is bestudeer, vaktyskrifte is nagegaan en gesprekke is met kundiges gevoer. Databasisse wat benut is: Internet, Academic Search Premier, ISAP, EBSCO en PsycINFO.

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek sluit die volgende komponente in:

5.2.1 Die ontwerp

Volgens Burns en Grove (2005:211) vorm die navorsingsontwerp die strukturele raamwerk van die studie. Hierdie ontwerp word uitgebou in terme van die gemengde metodologie

benadering en spesifiek die gelyktydige geïntegreerde strategie (Creswell, 2009:214-215). Hierdie strategie kom neer op die gelyktydige insameling van twee tipes data tydens 'n enkele data insamelingsfase, dus in die geval kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Die verkennende ontwerp word benut omdat min navorsing op hierdie gebied gedoen is (Mitchell & Jolley, 2001:G-3; Rubin & Babbie, 2005:123-124). Riglyne sal aanbeveel word vir 'n program wat vir afgetrede vrywilligers saamgestel kan word ten einde die behoeftes, psigososiale funksionering en selfpersepsie van die teikengroep aan te dui (Grinnell, 2001:29; Neuman, 2003:54-55). Die ontwikkeling van die volledige program sal in 'n later stadium aandag geniet en val dus buite die bestek van hierdie ondersoek.

5.2.2 Deelnemers

Die ondersoek het betrekking op manlike en vroulike deelnemers van 60 jaar en ouer. Drie en dertig persent (44 respondente) van die afgetrede vrywilligers van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes is betrek (Stoker, 1985). Die teikengroep is met behulp van waarskynlikheidseleksie ooreenkomstig die sistematiese steekproef geselekteer (Strydom, 2005a:200). Die name van al die bejaardes wat as vrywilligers by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes betrokke is, is alfabeties georden. Die tweede persoon op die ranglys is aanvanklik geselekteer en dan met intervale van drie tot die verlangde persentasie deelnemers (44 persone) verkry is.

5.2.3 Meetinstrumente

Data is ingesamel aan die hand van 'n selfopgestelde vraelys en 'n gestandaardiseerde meetinstrument wat die navorser gehelp het om data in te samel. Die selfopgestelde vraelys is as riglyn vir die fokusgroepe gebruik. Greeff (2005:292) wys daarop dat die skedule waardevol is as dit gebruik word vir kwalitatiewe navorsing waar daar op sekere belangrike areas gefokus word, waar ruimte gelaat word vir buigsaamheid. Die vraelys is opgestel met oop- en geslote-eindevrae. Ten einde die triangulering van data en aanvullende data te kan verkry, is 'n gestandaardiseerde metingsvraelys, naamlik die Multisiftingsinventaris (MSI) van Perspektief Opleidingskollege (2008) gebruik. Die elemente wat gemeet is, is die volgende:

- a) Psigososiale funksionering wat die volgende insluit: prestasiegerigheid, tevredenheid, verwagtinge, frustrasies, spanning en hulpeloosheid;
- b) Selfpersepsie: innerlike onsekerheid, skuldgevoelens en nutteloosheid;
- c) Komponente van werkswaardes naamlik: finansiële vergoeding, prestige, bereikingsgerigheid, besorgdheid oor ander, sosiale interaksie, intieme verhoudings, persoonlike ontwikkeling en morele waardes.

Die meetinstrumente is in groepsverband hanteer.

5.2.3.1 Betroubaarheid

Cronbach Alpha-waardes is bereken om die betroubaarheid van elke subskaal te bepaal. 'n Waarde van groter as of gelyk aan 0.5 is 'n aanduiding daarvan dat die subtoets betroubaar is (Gravetter & Forzano, 2003:91-93).

5.2.3.2 Konstruktiviteit

Eksploratiewe faktoranalises is gedoen om konstruktiviteit te toets. Die items waaruit elke subtoets bestaan, is telkens gebruik by 'n spesifieke eksploratiewe faktoranalise (Monette, Sullivan & DeJong, 2005:113-116).

5.2.4 Prosedure

Die opnameprosedure is tydens die ondersoek benut. Opname word omskryf as die ondersoekmetode waarvolgens data uit 'n verteenwoordigende steekproef ingesamel word sodat die veranderlikes van toepassing is op groot en klein populasies (Bailey, 1994:110). Persone wat vir die opnameprosedure geselekteer is, is telefonies genader ten einde instemming tot deelname te bekom. Vier fokusgroepe bestaande uit 6, 13, 13 en 12 persone is oor 'n tydperk van twee weke heen gehou om die nodige inligting te bekom. Addisionele inligting is ook deur middel van waarneming en terugvoer van die respondente ingewin.

5.2.5 Etiese aspekte

Etiese goedkeuring is van die Etiekomitee van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit verkry. Die verwysingsnommer is **NWU-0017-08-S1**. Deelname van

die onderzoekgroep aan die kwalitatiewe- sowel as kwantitatiewe navorsing was te alle tye vrywillig, ingeligte toestemming het verseker dat die lede van die onderzoekgroep wel vrywilliglik deelneem en dat hulle hulle te eniger tyd aan die ondersoek kon onttrek. Die prosedure is aan die ondersoekgroep verduidelik, naamlik dat vrae met betrekking tot hul behoeftes en verwagtinge sal kan lei tot die ontwikkeling van 'n effektiewe program vir vrywillige werkers. Die doel van die ondersoek is verduidelik. Hulle is dus nie mislei nie. Alle persoonlike inligting is anoniem en vertroulik hanteer. Toestemming is op 11 Februarie 2008 reeds tydens 'n Beheerraadsvergadering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes verkry (kyk **Addendum 2**) ten einde die navorsing vanuit die dienssentrum te mag doen. Die Beheerraad is ook deurlopend op hoogte gehou rakende die vordering van die navorsing. Die deelnemers is na afloop van die fokusgroepe tydens 'n spesiale byeenkoms vir alle deelnemers volledig oor die bevindings ingelig (Strydom, 2005b:57-67).

5.2.6 Dataverwerking

Die selfopgestelde vraelys wat meestal kwalitatiewe inligting bevat, is deur die navorser self ontleed en per hand verwerk. Die gestandaardiseerde skaal is rekenaarmatig ooreenkomstig die rekenaarpakket van Perspektief Opleidingskollege (2008) verwerk. Met behulp van die verskillende meetinstrumente is triangulering van data bereik. Elke meetinstrument het sy leemtes en sterk punte, met triangulering het die sterkte van die een prosedure vir die leemtes van die ander gekompenseer (Babbie, 2007:113; Patton, 2002:306).

6. BEVINDINGS

Vervolgens word die bevindings aan die hand van 'n gestandaardiseerde metingskaal die Multisiftingsinventaris (MSI, 2008) en 'n selfopgestelde vraelys bespreek. Waarneming soos deur die navorser gedoen sowel as terugvoer van die respondente word hier behandel.

6.1 GESTANDAARDISEERDE METINGSKAAL (MSI)


Met die Multisiftingsinventaris (MSI, 2008) is die positiewe psigososiale funksioneringsareas, die negatiewe psigososiale funksioneringsareas, selfpersepsie en werkswaardes gemeet. Die Cronbach Alpha-betroubaarheid en eksploratiewe faktoranalises het uitgewys dat die gestandaardiseerde vraelys betroubaar en konstruktief is.

Faul en Hanekom (2006:3) beskryf die Multisiftingsinventaris as 'n papier-en-pen self-evaluering om kliënte se sterkpunte en probleemareas in 33 verskillende areas van persoonlikheid, emosionaliteit, interpersoonlike, geestelike en psigiese funksionering te meet. Die Multisiftingsinventaris word primêr gebruik as 'n assesseringsinstrument wat deel uitmaak van die terapeutiese intervensie met kliënte.

Die ongestruktureerde administrasiemetode van die Multisiftingsinventaris (MSI) is gebruik. Daar is dus min leiding aan die respondente gegee. Hulle het die vraelys selfstandig in hul eie tyd ingevul en die onderstaande inligting is van die respondente verkry (Faul & Hanekom, 2006:9).

6.1.1 Positiewe Psigososiale Funksioneringsareas

Interpretasies van punttellings wat verkry is op die Multisiftingsinventaris. Kliniese afsnynpunte op 'n interpretasielyn word soos volg weergegee.



LYNDIAGRAM 1 : Positiewe interpretasielyn

Ten einde Lyndiagram 1 korrek te interpreteer word dit soos volg uiteengesit:

Pers – Onderaktivering (Baie ernstig)

Dit is 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, 'n kliniese probleem ondervind wat terapie op die gebied regverdig. Die probleem is so ernstig dat die kliënt gewelddadig teenoor hom-/haarself of ander persone kan optree.

Rooi – Onderaktivering (Minder ernstig)

Dit is 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, 'n kliniese probleem ondervind wat terapie op die gebied regverdig.

Blou – Onseker area

In hierdie area is daar onsekerheid daaroor of die kliënt terapie nodig al dan nie. Die kliënt en ander bronne moet gebruik word om inligting te verkry om te besluit of die kliënt in die onderaktiverings- of optimale aktiveringsarea val.

Groen – Optimale aktivering


Dit dien as 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, nie 'n probleem ondervind nie.

- Ooraktivering

Hierdie area bewys dat die kliënt nie 'n probleem ondervind wat terapie nodig nie, maar dat die kliënt sy/haar positiewe deel van funksionering oorbeklemtoon.

Twee kategorië word getoets, naamlik belewenisskale (IIS) wat die individu se interne belewenisse en gevoelens uitdruk. Die tweede kategorie is gedragsskale (GBS) wat die individu se eksterne gedragspatrone uitdruk (Faul & Hanekom, 2006:40).

Die positiewe psigososiale funksioneringsarea word in die volgende Histogram uitgebeeld:



HISTOGRAM 1 : Positiewe psigososiale funksioneringsarea

Uit **Histogram 1** blyk dit duidelik dat prestasiegerigtheid in die waarskuwingsarea val. Vanweë die feit dat die teikengroep afgetree is, kom daar nie 'n prestasiegedrewenheid by hulle voor nie. Dit is egter binne hierdie konteks goed, want hulle is dan nie 'n bedreiging vir die personeel van die dienssentrum nie. Tevredenheid en verwagtinge lyk volkome gesond en val in die voorgeskrewe area.

Alhoewel daar baie positiewe aspekte in die respondente se lewe is, is daar tog uitdagings wat hulle geluk in die lewe negatief beïnvloed. Hulle is dikwels in staat om konstruktief op hul omstandighede te reageer. Daar is egter tye wanneer hulle hul omstandighede negatief beleef en probleme die hoof moet bied wat hulle sou verkies het om nie te moet doen nie. Daar word afsonderlik op elke komponent ingegaan.

a) Prestasiegerigtheid - IIS: Die huidige telling is 76.

Die respondente presteer goed en besit die volgende eienskappe: doelgerigtheid, selfmotivering, die behoefte om te groei en te verbeter, deursettingsvermoë, deeglikheid en die aanvaar van verantwoordelikheid vir hulleself.

b) Prestasiegerigtheid - GBS: Die huidige telling is 76.

Die respondente toon meestal die volgende eienskappe in hulle gedrag: organisasievermoë, deeglikheid, hardwerkendheid, selfvertroue en dryfkrag.

c) Tevredenheid - IIS: Die huidige telling is 80.

Die respondente besit die volgende belangrike eienskappe: 'n innerlike belewenis van tevredenheid, geluk, vriendelikheid en gemoedsrus. Tevredenheid met hul omstandighede en verhoudings is uiters belangrik vir persoonlike ontwikkeling.

d) Tevredenheid - GBS: Die huidige telling is 80.

Die respondente maak sinvol gebruik van hul vrye tyd, hulle tree met humor op, het gesonde interaksie met ander en put op 'n verantwoordelike en wel deurdagte wyse plesier uit die lewe.

e) Verwagting - GBS: Die huidige telling is 80.

Die respondente ondersteun en help graag ander om sukses te behaal. Hulle reik uit na mense en tree beskermend op teenoor ander. Hulle luister graag na ander se probleme en


praat hulle moed in. Hulle optrede teenoor ander toon dat die respondente in ander mense glo. Hulle waag graag deur dinge aan te pak en vind oplossings deur positief na moeilike omstandighede te kyk. Hulle tree rustig op en praat ander moed in, want hulle het 'n houding van alles sal goed gaan.

f) **Verwagting - IIS: Die huidige telling is 83.**

Die respondente is hoopvol en optimisties oor hulle toekoms. Dit is vir hulle moontlik om kalm te bly en op die positiewe elemente in hulle omstandighede te fokus.

6.1.2 Negatiewe Psigososiale Funksioneringsareas

Interpretasies van puntetellings wat op die Multisiftingsinventaris behaal is. Kliniese afsny-punte op 'n interpretasielyn word soos volg weergegee.



LYNDIAGRAM 2 : Negatiewe interpretasielyn

Die negatiewe komponente, soos in Lyndiagram 2 uitgebeeld, kan soos volg geïnterpreteer word:

- Onderaktivering

Hierdie area bewys dat die kliënt nie 'n probleem ondervind wat terapie benodig nie, maar dat die kliënt sy/haar negatiewe funksioneringskomponent onderbeklemtoon.

Groen – Optimale aktivering

Dit dien as 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, nie 'n probleem ondervind nie.

Blou – Onseker area


In hierdie area is daar onsekerheid daaroor of die kliënt terapie nodig al dan nie. Die kliënt en ander bronne moet gebruik word om inligting te verkry om te besluit of die kliënt in die optimale aktiverings- of ooraktiveringsarea val.

Rooi – Ooraktivering (Minder ernstig)

Dit is 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, 'n kliniese probleem ondervind wat terapie op die gebied regverdig.

Pers – Ooraktivering (Baie ernstig)

Dit is 'n betroubare bewys dat die kliënt wat getoets is, 'n kliniese probleem ondervind wat terapie op die gebied regverdig. Die probleem is so ernstig, dat die kliënt gewelddadig teenoor hom-/haarself of ander persone kan optree.



HISTOGRAM 2 : Negatiewe Psigososiale Funkisioneringsareas

'n Bestudering van **Histogram 2** onthul dat al die komponente met die uitsondering van spanning GBS binne die voorgeskrewe area val (tussen 5 en 20). Die respondente beleef hul omstandighede positief en put tevredenheid en persoonlike beloning uit die lewe. Hulle hanteer uitdagings binne hulle omstandighede konstruktief en benut geleenthede tot die maksimum ter wille van hulle persoonlike ontwikkeling.

a) Spanning - GBS: Die huidige telling is 21.

Dit blyk dat die respondente die gedragseienskappe van spanning goed bestuur – hulle tree nie onseker, buierig, paniekerig, angstig en senuagtig op nie. Hulle ly ook nie aan fisiese simptome soos hoof- en/of spierpyne en slaaploosheid nie.

b) Frustrasie - IIS: Die huidige telling is 20.

Die respondente se innerlike belewenis van frustrasie dui op 'n gevoel van vergenoegdheid. Dit blyk dat hulle die onderbreking van doelgerigte aksies as gevolg van probleme in hulleself en hul omgewing goed hanteer en dat hulle nie toelaat dat dit hulle verhinder om hulle aspirasies in die lewe te verwesenlik nie. Ervarings soos woede, frustrasie, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog hanteer hulle dus goed.

c) Spanning - IIS: Die huidige telling is 20.

Die respondente ondervind nie spanning nie en reageer positief op die eise van hulle omgewing. Ervarings soos om oorspanne, senuagtig, paniekerig, oorlaai, bekommerd en uitgebrand te voel, maak nie deel uit van hulle beleweniswêreld nie.

d) Hulpeloosheid - GBS: Die huidige telling is 17.

Die respondente is doelgerig in hul aktiwiteite. Hulle het die vermoë om te lag, is gemotiveerd, en gooi nie maklik tou op nie. Hulle neem deel aan dinge en vermy nie mense nie. Hulle hanteer dinge vanuit 'n positiewe ingesteldheid en skep 'n positiewe atmosfeer rondom hulle. Hulpelose gedrag maak nie deel uit van hul ervaringswêreld nie.

e) Frustrasie - GBS: Die huidige telling is 16.

Die respondente is in staat om hulleself te beheer wanneer hulle kwaad is, onnodige argumente te voorkom en ander veilig te laat voel.


f) Hulpeloosheid - IIS: Die huidige telling is 15.

Die respondente meen dat dit wat hulle doen, belangrik is, omdat dit 'n manier is waarop hulle beheer oor die omgewingsfaktore in hulle lewe kan uitoefen. Hulle ervaringswêreld is positief. Die volgende elemente maak nie deel uit van hulle beleweniswêreld nie: gevoelens van verwerping, swaarmoedigheid, doelloosheid, magteloosheid, eensaamheid en 'n gevoel dat die lewe geen sin meer het nie.

6.1.3 Selfpersepsie

Drie komponente van selfpersepsie is getoets, naamlik innerlike onsekerheid, skuldgevoelens en nutteloosheid. Die afsnypunte van hierdie skaal is soos volg:

Kliniese afsnypunte van die negatiewe afdeling op 'n interpretasie lyn.



LYNDIAGRAM 3 : Selfpersepsie

Die resultate van die respondente kan duidelik met Lyndiagram 3 gemeet en maklik geïnterpreteer word.

a) Innerlike Onsekerheid: Die huidige telling is 27.

Die respondente het soms iets nodig om die lewe te kan hanteer en om hulle te ondersteun om probleme te kan hanteer. Hulle vind dit soms moeilik om die lewe te hanteer sonder dat iets anders hulle ondersteun. Hulle kan druk nie altyd op hul eie hanteer nie en het ondersteuning nodig wanneer dinge verkeerd loop.


b) Nutteloosheid: Die huidige telling is 25.

Die respondente onthou waar hulle dinge neersit wat hulle elke dag gebruik. Hulle onthou belangrike adresse, datums of telefoonnommers wat hulle behoort te onthou. Hulle onthou veelvoudige opdragte maklik.

c) Skuldgevoelens: Die huidige telling is 14.

Die respondente het geen idees en gedagtes wat hulle ontstel nie. Hulle dink nie aan lelike of aaklige dinge nie. Ontstellende gedagtes kom nie by hulle op nie.

Lyndiagram 3 toon duidelik dat die respondente se innerlike onsekerheid en nutteloosheid in die onseker area val en waarskuwings duidelik voorkom. Skuldgevoelens, daarenteen, val in die voorgeskrewe area.




HISTOGRAM 3 : Selfpersepsie

Daar is baie positiewe aspekte rakende die respondente se selfpersepsie, alhoewel daar steeds beduidende uitdagings is wat hulle selfpersepsie beïnvloed. Hulle is dikwels daartoe in staat om konstruktief op die volgende vals oortuiging te reageer: eiewaarde = prestasie + ander se mening. Daar is egter nog tye dat hulle toelaat dat hierdie vals oortuiging hulle selfpersepsie negatief beïnvloed.

6.1.4 Werkswaardes

Hierdie punte tel uit 100%.



HISTOGRAM 4 : Werkswaardes

a) Finansiële Vergoeding: Die huidige telling is 37.

Die respondente meen nie hul lewe is verby en om 'n einde aan hul lewe te maak nie. Hierdie telling is egter laag en verlang verbetering.

b) Prestige: Die huidige telling is 39.

Die respondente het 'n doel in die lewe en hulle help om van die wêreld 'n beter plek te maak. Hulle leer uit dit wat met hulle gebeur en hulle kom struikelblokke in hul lewe te bowe. Hulle het 'n droom vir hul lewe en hulle help ander om gelukkig te wees. Verbetering is nodig in hierdie komponent.

c) Bereikingsgerigtheid: Die huidige telling is 59.

Die respondente dink nie mense skinder van hulle of dat hulle daarop uit is om hulle te benadeel nie. Hulle dink nie hul vriende wil hulle in die rug steek of dat mense probeer om hulle seer te maak nie. Mense rondom hulle is nie jaloers op hulle nie en hulle probeer nie om 'n gek van hulle te maak nie. Verbetering is nodig.

d) Besorgdheid - Ander: Die huidige telling is 61.

Die respondente beleef nie angs of word ook nie maklik bang nie. Hulle voel nie paniekbevange of word ook nie so bang dat hulle skaars kan beweeg nie. Hulle word nie snags wakker in 'n toestand van vrees nie. Besorgdheid verlang verbetering.

e) Sosiale Interaksie: Die huidige telling is 73.

Die respondente beleef soms 'n gebrek aan sekuriteit in hul verhoudings en is bang om emosioneel seer te kry. Hulle voel soms bedreig deur hul omstandighede en is soms bang vir die toekoms, mislukking en verwerping.

f) Intieme Verhoudings: Die huidige telling is 82.

Die respondente moet die volgende belangrike kenmerke van 'n persoon met goeie eienskappe ontwikkel: dankbaar vir wie jy is, beleef jouself as belangrik en spesiaal en voel goed oor jouself.

g) Persoonlike Ontwikkeling: Die huidige telling is 84.

Die respondente bestuur hulleself nie altyd verantwoordelik nie en aanvaar soms die skuld vir alles wat verkeerd loop. Hulle voel soms hulle verdien straf en laat toe dat skuldgevoelens hul lewe beheer.

h) Morele Waardes: Die huidige telling is 91.

In die respondente se verhouding met hul vriende is die volgende belangrike aspekte teenwoordig: openheid, respek, samewerking en ondersteuning. Om hierdie goeie verhouding in stand te hou moet hulle voortgaan om hierdie aspekte te implementeer en vas te stel waar hulle daarop kan verbeter. Konfronteer probleme tussen hulle en hul vriende sodra dit ontstaan.

Morele waardes merk baie hoog uit. Dit is dus baie belangrik dat die vrywilligers slegs betrokke moet wees by die dienssentrum as dit binne hul morele waardes val. Die tweede belangrikste komponent is persoonlike ontwikkeling. Die groeplede wil voel dat dit iets beteken om by die dienssentrum betrokke te wees. In die derde plek staan intieme verhoudings. Hulle geniet hul betrokkenheid en maak nuwe vriende. In die vierde plek staan sosiale interaksie. Sosiale omgaan met ander is belangrik en word baie geniet. Finansiële vergoeding en aansien speel 'n uiters geringe rol in hul lewens. Lede is dus geensins

betrokke ter wille van aansien of finansiële vergoeding nie. Personeel hoef dus ook nie bedreig te voel deur die vrywilligers se betrokkenheid nie.

Die betroubaarheid van die gestandaardiseerde vraelys (MSI) is vervolgens getoets.

TABEL 1 : Cronbach Alpha-betroubaarheid

	OORSPRONKLIK HOE DIE TOETS GESTANDAARDISEER IS	STUDIEPOPULASIE
Prestasiegerigtheid IIS	0.56	0.83
Prestasiegerigtheid GBS	0.51	0.74
Tevredenheid IIS	0.59	0.78
Tevredenheid GBS	0.55	0.67
Verwagtinge IIS	0.59	0.65
Verwagtinge GBS	0.54	0.72
Frustrasie IIS	0.56	0.50
Frustrasie GBS	0.54	0.75
Spanning IIS	0.66	0.72
Spanning GBS	0.56	0.68
Hulpeloosheid IIS	0.66	0.67
Hulpeloosheid GBS	0.53	0.70
Innerlike onsekerheid	0.66	0.78
Skuldgevoelens	0.74	0.82
Nutteloosheid	0.75	0.89
Finansiële vergoeding	0.81	0.84
Prestige	0.84	0.86
Bereikingsgerigtheid	0.78	0.81
Besorgdheid oor ander	0.85	0.88
Sosiale interaksie	0.87	0.84
Intieme verhoudings	0.73	0.81
Persoonlike ontwikkeling	0.85	0.88
Morele waardes	0.82	0.77

Die Cronbach Alpha-betroubaarheid moet hoër as 0.5 wees. Uit bogenoemde blyk dit wel, volgens die Cronbach Alpha-betroubaarheidstudie, dat die betrokke vraelys wel betroubaar en geldig is. Die studiepopulasie is met die oorspronklike gestandaardiseerde toets vergelyk.

Anastasi en Urbina (1997:84) omskryf betroubaarheid as 'n toets wat verwys na die bestendigheid van punte wat deur dieselfde persone bereik word wanneer hulle herondervra word met dieselfde toets onder ander omstandighede, of met 'n ander stel toetse van gelykstaande items of onder verskillende ondervragingsomstandighede. Die geldigheid van 'n toets behels wat die toets meet en hoe goed dit vaar (Anastasi & Urbina, 1997:113). Indien dit geldig is, meet dit wat dit veronderstel is om te meet.

Volgens Eason (1991:84) is betroubaarheid 'n eienskap van die data; daarom moet navorsers bedag wees op die invloed wat die deelnemers het op die gehalte van tellings. Soos Thompson (1994:839) verduidelik, is variasies van die totale telling 'n belangrike aspek van die betroubaarheid van die deelnemers wat by die studie betrokke is en sal hulle self die betroubaarheid beïnvloed.

Gegewe die diversiteit van deelnemers in studies behoort die samestellers van alle studies wat by psigometriese toetse betrokke is, voorsiening te maak vir die betroubaarheidskoëffisiënt op die tellings vir die data-analise. Pedhazur en Schmelkin (1991:86) redeneer soos volg: "Researchers who bother at all to report reliability estimates for the instruments they use (many do not) frequently report only reliability estimates contained in the manuals of the instruments or estimates reported by other researchers. Such information may be useful for comparative purposes, but it is imperative to recognise that the relevant reliability estimate is the one obtained for the sample used in the study under consideration."

Dieselfde argument geld vir geldigheid. Volgens Nunnally en Bernstein (1994:84) is geldigheid 'n mate van graad, eerder as alles of geen eienskap, en geldigverklaring is 'n verloop sonder einde. Die meeste psigologiese maatstawwe moet voortdurend geëvalueer en geherevalueer word om te verseker dat hulle gedrag is soos dit behoort te wees.

TABEL 2 : Eksploratiewe faktoranalise

SUBSKAAL	AANTAL FAKTORE ONTTREK	PERSENTASIE VARIASIE	KOMMUNALITEITE WISSEL TUSSEN
Prestasiegerigtheid IIS	3	64,26%	0.43 en 0.80
Prestasiegerigtheid GBS	2	52,89%	0.38 en 0.63
Tevredenheid IIS	3	60,05%	0.37 en 0.83
Tevredenheid GBS	2	55,10%	0.25 en 0.73
Verwagting IIS	3	58,07%	0.40 en 0.81
Verwagting GBS	3	62,66%	0.44 en 0.73
Frustrasie IIS	4	66,88%	0.52 en 0.73
Frustrasie GBS	3	66,29%	0.46 en 0.79
Spanning IIS	4	70,17%	0.55 en 0.80
Spanning GBS	3	64,66%	0.47 en 0.81
Hulpeloosheid IIS	5	70,73%	0.35 en 0.90
Hulpeloosheid GBS	4	65,76%	0.49 en 0.83
Innerlike onsekerheid	2	64,30%	0.54 en 0.75
Skuldgevoelens	2	75,84%	0.67 en 0.83
Nutteloosheid	1	67,76%	0.12 en 0.84
Finansiële vergoeding	1	56,42%	0.43 en 0.76
Prestige	2	66,61%	0.58 en 0.80
Bereikingsgerigtheid	1	61,37%	0.38 en 0.82
Besorgdheid oor ander	2	71,66%	0.62 en 0.81
Sosiale interaksie	2	63,92%	0.25 en 0.79
Intieme verhoudings	1	73,71%	0.68 en 0.77
Persoonlike ontwikkeling	1	65,32%	0.41 en 0.79
Morele waardes	2	73,82%	0.56 en 0.86

Met die uitsondering van nutteloosheid, finansiële vergoeding, bereikingsgerigtheid, intieme verhoudings en persoonlike ontwikkeling, word by al die ander subskale meer as een faktor onttrek, wat moontlik 'n aanduiding daarvan is dat die betrokke subskaal uit meer as een komponent bestaan. Ter verduideliking, die volgende voorbeeld: By besorgdheid is twee faktore onttrek, wat beteken dat vrae 140, 143, 144, 146 en 147 (kyk **Afdeling D Addendum 4**) die positiewe belewenis van die respondente toets ten opsigte van hul besorgdheid oor ander, terwyl vrae 141, 142 en 145 die negatiewe belewenis of ervaring ten opsigte van besorgdheid toets.

6.2 SELFOPGESTELDE SKEDULE

Met die selfopgestelde vraelys is ingegaan op die profiel van die afgetrede vrywilliger, die graad van intensiteit van verantwoordelikheid, vergoedingsmoontlikhede en verwagtinge rakende die dienssentrum en personeel.

6.2.1 Die profiel van die afgetrede vrywilliger

a) Geslag

Vier en dertig (77%) van die respondente is vroulik en 10 (23%) manlik. Kulik (2006) se navorsing wat in Israel gedoen is, toon dat, uit 375 vrywilligers, 92 (24,5%) mans was en 283 (75,5%) vroue, wat dus die bevindinge van hierdie ondersoek bevestig. Le Roux (1985:114) het navorsing by 25 dienssentrums gedoen wat 'n gemiddeld van 33 vrywilligers elk gehad het wat ouer as 60 jaar was. Die dames was in die meerderheid met 95% en die oorblywende 5% was mans. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die vroulike geslag meer as die mans as vrywillige werkers betrokke is.

b) Taal

Al 44 deelnemers aan die ondersoek is Afrikaanssprekend. Dit word toegeskryf aan die feit dat Potchefstroom oorwegend Afrikaanssprekend is en die grootste getal lede van die dienssentrum Afrikaanssprekend is.

c) Ouderdom


Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 72 jaar. Die oudste vrywilliger is 87 jaar en die jongste persoon 60 jaar. Daar bestaan 'n verskeidenheid dienste waarby ouer persone by die dienssentrum betrokke kan raak en dit waarby lede betrokke kan raak, word grootliks bepaal deur hul belangstellings en gesondheidstoestand.

d) Lidmaatskap

Mense bly gemiddeld 7 jaar lid van die dienssentrum. Drie persone is al 20 jaar lid van die betrokke dienssentrum. Daar is dus persone wat in hul jonger jare by die dienssentrum se bedrywighede betrokke raak nog lank voordat hulle vir lidmaatskap kan kwalifiseer. Uit die navorsing het dit ook duidelik na vore gekom dat lede hulle die dag met aansluiting as lid as vrywilliger beskikbaar stel en bereid is om by sommige van die aktiwiteite betrokke te raak.

e) Gesin van herkoms

Die respondente se gesin van herkoms kan soos volg uitgebeeld word:



SEGMENTVOORSTELLING 1 : Gesin van herkoms

Die respondente was gemiddeld een van 5 kinders uit hul gesin van herkoms. **Segmentvoorstelling 1** beeld die posisie in die gesin van die respondente baie duidelik uit. Uit die 44 persone wat betrokke is, was 8 (18%) die jongste; 6 (14%) die middelste en 17 (39%) die oudste kind. Dertien persone (29%) het 'n ander posisie in die gesin bekleed. Dit blyk dus dat die oudste kinders meer betrokke is as die in enige ander posisie in die gesin, wat moontlik


toegeskryf kan word aan die verantwoordelike sin wat dikwels onder oudste kinders voorkom.

f) Gesin van respondente

Hulle het gemiddeld 3 kinders. Die persoon wat die minste kinders het, het 2 en dié wat die meeste het, het 7. Wat besonder interessant is, is dat hulle self gemiddeld 5 kinders in die gesin was en gemiddeld 3 kinders onderskeidelik. Die afname in bevolkingsaanwas met 'n volgende generasie is dus 'n baie duidelike patroon. Vier en twintig (55%) van die deelnemers het geen kind wat in Potchefstroom woonagtig is nie. Die ander het 'n kind wat in Potchefstroom woonagtig is en vier kinders is selfs oorsee. Die navorser het hierdie vraag gestel om vas te stel of vrywilligers by die dienssentrum betrokke is omdat hulle nie kinders het wat in Potchefstroom woonagtig is nie. Dit is duidelik dat kinders se teenwoordigheid geen rol speel by die afgetredenes se betrokkenheid as vrywilligers nie.

g) Beroep voor aftrede

Die respondente het die volgende beroepe voor aftrede beoefen:



HISTOGRAM 5 : Beroep beoefen voor aftrede


Die meeste vrywilligers was onderskeidelik tuisteskeppers of mense in administratiewe poste. Dan volg 9 wat in die onderwys was, ander persone was werksaam as speurder, sakevrou, bestuurder, stadstesourier en ontwerp-tekenaar en 2 was in die verpleegberoep.

6.2.2 Intensiteit van verantwoordelikheid

Die deelnemers het soos volg op hierdie vraag gereageer: 7 persone, wat 16% verteenwoordig, het gesê dat hulle min verantwoordelikheid as vrywilliger wil aanvaar, 25 (57%) persone is bereid om 'n redelike mate van verantwoordelikheid te aanvaar en 12 persone, wat 27% van die steekproef verteenwoordig, sien nog kans vir heelwat verantwoordelikhede as vrywilliger. Om op bogenoemde uit te brei word die volgende voorbeeld genoem. Die vrywilligers wat betrokke is by spyseniering wat min verantwoordelikheid sou aanvaar, sou byvoorbeeld onder toesig van 'n personeellid of iemand in beheer help met die dek van tafels vir 'n funksie. Diegene wat redelike verantwoordelikheid sou aanvaar, is bereid om die verantwoordelikheid op hom/haar te neem om toe te sien dat al die tafels eenvormig en volgens etiket gedek is. Diegene wat kans sien vir baie verantwoordelikheid kan die totale versiering van die saal beplan, aankope doen en toesien dat die saal in die geheel netjies en gereed is vir die geleentheid.

6.2.3 Vergoeding

Die verwagting ten opsigte van finansiële vergoeding, korting op lidmaatskap, vervoertoelaag en korting op dienste word baie duidelik in **Histogram 6** uiteengesit.



HISTOGRAM 6 : Vergoeding

Al die deelnemers het onomwonde nee geantwoord op die vraag of hulle enige finansiële vergoeding van die dienssentrum verlang. Op 'n voorstel rakende korting op lidmaatskap was die antwoorde van die meerderheid "beslis nee", terwyl sowat 30% net "nee" geantwoord het met 5% "ja" en 5% "beslis ja". Die voorstel ten opsigte van 'n vervoertoelaag is deur 80% "beslis nee" beantwoord, ongeveer 15% het net "nee" geantwoord, terwyl 2,5% "ja" en 2,5% "beslis ja" geantwoord het. Die laaste alternatief wat genoem is, was korting op dienste. "Beslis nee" is deur 80% van die respondente geantwoord, 15% het "nee" geantwoord en die oorblywende 5% "beslis ja".

6.2.4 Verwagtinge rakende die dienssentrum en personeel

Die meeste respondente het aangedui dat hulle niks ter vergoeding van die dienssentrum verwag nie. Daar was wel diegene wat net 'n koppie tee verlang of net 'n bietjie liefde vra. Die volgende moontlike verwagtinge is soos volg beantwoord.

TABEL 3 : Moontlike verwagtinge

	JA	ONSEKER	NEE	TOTAAL
'n Ete of verversings tydens diens tyd	12 (27%)	4 (9%)	28 (64%)	44 (100%)
Uitnodiging na jaarlikse Dankiesê-funksie	25 (57%)	2 (4%)	17 (39%)	44 (100%)
Dankiesê-briefies of oproepe na elke diens wat verrig is	3 (7%)	1 (2%)	40 (91%)	44 (100%)
Dienssertifikaat na bv. 1 jaar diens as vrywilliger	1 (2%)	4 (9%)	39 (89%)	44 (100%)
Gratis vervoer van u woning na die dienssentrum	6 (14%)	0 (0%)	38 (86%)	44 (100%)

Uit bogenoemde (**Tabel 3**) is dit baie duidelik dat die deelnemers inderdaad nie veel erkenning of vergoeding van die dienssentrum verwag nie. Volgens hulle verwag hulle nie 'n dankiesê-funksie nie (so is dit mondeling tydens die groepbyeenkoms gekommunikeer) maar dié jaarlikse funksie is vir hulle iets besonders en hulle sou graag wou sien dat hierdie

gebruik 'n instelling word. Die dienssentrum maak van hierdie funksie 'n baie spesiale geleentheid vir die vrywilligers. 'n Breë oorsig van die hele jaar se werksaamhede en betrokkenheid van al die vrywilligers word uitgelig, die waardering van die bestuur en personeel word uitgespreek en dan word daar met 'n ete afgesluit. Met verskeie konferensies en seminaargeleenthede in die verlede het sprekers genoem dat dit belangrik is om 'n dienssertifikaat aan vrywilligers te oorhandig. Uit hierdie navorsing is dit baie duidelik dat 89% van die respondente "nee" hierop geantwoord het, waarvan 9% onseker was hieroor. Dankiesê-briefies of oproepe is ewe onbelangrik. Van die respondente wat betrokke was by die navorsing het 91% "nee" geantwoord. Persoonlike dankiesê en 'n drukkie wat waardering uitspreek en 'n jaarlikse spoggeleentheid is vir die dienssentrum se vrywilligers beslis die belangrikste.

Hieronder volg enkele aanhalings van die opmerkings van afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes:

- ♥ "Ek het tuisgekom. Ek weet nou waar ek nog baie jare aktief betrokke kan wees en wat my doel en passie is: die dienssentrum!"
- ♥ "Die aansluiting as lede van die dienssentrum was die begin van 'n opwindende tydperk in ons lewe. My vrou en ek kon 'n bydrae lewer in die Mooirivierklub en in die Beheerraad. Vir ons was dit 'n verrykende ervaring en was dit so aangenaam om saam die dienssentrum te sien groei."
- ♥ "Om behulpsaam te wees met die voorbereiding van funksies is 'n manier om diens te lewer en konstruktief besig te wees. Om saam met ander lede te werk leer mens mekaar beter ken. Potchefstroom is voorwaar gelukkig om so 'n besondere sentrum te hê."

7. WAARNEMING EN PERSOONLIKE TERUGVOERING

Op Maandag 26 Mei 2008 is 'n spesiale byeenkoms gehou ten einde terugvoer te gee oor die bevindinge van die ondersoek. Vyf en dertig (80%) van die 44 respondente was teenwoordig. Groeplede is dit almal eens dat deelname aan die navorsing vir hulleself baie beteken het. Om in hierdie jare weer oor jouself te dink was 'n goeie ervaring (so deel die respondente hul belewenis en ervaring met medegroeplede). Verskeie respondente het weer 'n positiewe gevoel oor hulleself gekry en hul selfpersepsie is versterk. Een respondent

het gevoel dat die terugvoer nie 100% weergee wie sy is nie en glo dat sy die vrae nie altyd korrek geïnterpreteer het nie. 'n Afspraak is met haar gereël om 'n nuwe vraelys in te vul en met haar deur te werk. Die resultate van die twee antwoordstelle het nie veel van mekaar verskil nie. Dit is met die betrokke respondent deurgewerk en sy het gesê dat sy met ander oë weer na haarself kyk. Sy het ook bevestig dat die inligting 'n ware weergawe is van wat regtig in haar lewe aan die gebeur is. Drie ander respondente het ook hul vraelyste kom bespreek en na bespreking positief oor hulleself gevoel. Een het gesê dat sy sommer weer lus is vir die lewe en nuwe uitdagings wil aanpak. Een van die mans was verras dat die spanning en frustrasies wat hy tuis ervaar, in die vraelys uitgewys is. Hy het die geleentheid benut om van sy seer met die navorser te bespreek en gesê dat hy beter voel nadat hy nou vir die eerste keer sy gevoelens met iemand kon deel. Hy het ook versoek om weer betrek te word indien verdere respondente verlang sou word.

Die respondente het gevoel dat hulle bevoorreg is om deel van die projek te kan uitmaak. Alle betrokke respondente was telefonies sowel as skriftelik na die byeenkoms genooi. Hulle was versoek om hul persoonlike vraelyste saam te bring. Die doel van die oggend word deurgegee, naamlik om terugvoer te gee oor die bevindinge van die onderskeie fokusgroepe en leiding te gee aan die respondente ten einde hul eie vraelyste beter te interpreteer. Hanekom (2008) het die gestandaardiseerde vraelys verduidelik en die interpretasies visueel met behulp van 'n dataprojektor aangebied waarna die navorser gevolg het met die selfopgestelde vraelys. Triangulering het baie duidelik tydens die aanbieding na vore gekom. Die groeplede is geleentheid gegun om te reageer op die aanbieding en om vrae te vra indien daar onduidelikheid voorgekom het. Respondente het spontaan vertel hoe kosbaar en belangrik die dienssentrum vir hulle is en wat dit vir hulle beteken. Hulle voel die dienssentrum maak 'n verskil in hul lewens. Die groeplede was dit met mekaar eens dat die terugvoer 'n ware weergawe was van hul gesamentlike gevoelens. Na vyf en veertig minute was die aanbieding afgehandel en is daar met tee en verversings afgesluit.



8. BESPREKING

In die selfopgestelde vraelys is gevra wat die vrywilligers se verwagting van die dienssentrum is. Hulle het aangedui dat hulle geen finansiële verwagtinge het nie, maar wel liefde. In die Multisiftingsinventaris (MSI) onder werkswaardes toets die finansiële vergoeding die heel laagste uit, wat bevestig dat finansiële vergoeding en prestige werklik nie 'n rol in hul dienslewering speel nie en onder selfpersepsie kom die behoefte aan liefde, sekuriteit en warmte baie sterk na vore. Intieme verhoudings het 'n telling van 82% in die MSI-vraelys behaal en met die selfopgestelde vraelys is in 'n oopeindevraag ook geantwoord dat hulle liefde verlang. Die oop vraag in die selfopgestelde vraelys oor die redes vir hul betrokkenheid as vrywilliger antwoord 'n groot aantal persone dat hulle uit dankbaarheid betrokke is en in die MSI toets morele waardes die heel hoogste uit met 'n persentasie van 91%. As die positiewe psigososiale en negatiewe psigososiale funksioneringsareas vergelyk word, word dit duidelik dat die balans baie goed is. Dit dui egter daarop dat die respondente nie meer op hulleself gerig is nie, maar dat hulle hulle na buite wil uitleef. In die MSI-vraelys toets persoonlike ontwikkeling die tweede hoogste uit en die werkswaardes met 'n 84%, en onder die vraag in die selfopgestelde vraelys oor wat hulle betrokkenheid by die dienssentrum vir hulle beteken, sê die respondente baie duidelik dat hulle bevrediging daaruit kry, dit 'n lekker tydverdryf is en hul betrokkenheid verrykend en gesellig is en dat dit die lewe sinvol maak. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes ondersteun mekaar baie goed (Hanekom, 2008).

9. AANBEVELINGS

- Keuring en opleiding van vrywilligers kan dienssentrum in staat stel om diens van 'n hoër gehalte te lewer en kan ook meebring dat die vrywilligers meer bevrediging daaruit put. Die vrywilliger moet bevrediging uit sy betrokkenheid put om te verseker dat sy dienste behou word, en die manier waarop hy ingeskakel word, gaan bepaal of hy tevredenheid daaruit put al dan nie (Le Roux, 1985: 111, 139).
- Daar word verder aanbeveel dat organisasies wat van vrywilligers gebruik maak, die profiel van hul vrywilligers wetenskaplik moet bepaal en vasstel wat hul verwagtinge van die organisasie is. Dit is belangrik om hulle altyd menswaardig te behandel en hul kundigheid tot voordeel van die organisasie te benut. Die ouer persone beskik oor waardevolle deurleefde kennis en ervaring.
- Daar word ook aanbeveel dat 'n program ontwikkel moet word ten einde personeel op te lei om vrywilligers by die dienssentrum se aktiwiteite te betrek, hulle in te skakel en hulle te bestuur.
- Die lettergrootte van die gestandaardiseerde vraelys van Perspektief Opleidingskollege (MSI) op die antwoordstel sowel as dié van die vraelys is oor die algemeen te klein vir die bejaardes. Die heel kleinste skrif moet 'n grootte van 12 pt wees.
- 'n Wetenskaplike vraelys moet ontwikkel word vir vrywillige werkers om hul werkswaardes te bepaal. Die komponente van die vraelys van Career Planning Inventory wat vir hierdie doel gebruik is, kan die respondente verwar, want dit is primêr gerig op 'n persoon wat nog in 'n beroep staan.

10. SAMEVATTING

In hierdie artikel is gefokus op die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes, profiel en verwagtinge wat die afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes, van die dienssentrum het. Die positiewe sowel as negatiewe psigososiale funksioneringsareas is aan die hand van 'n gestandaardiseerde vraelys (MSI) vasgestel. Die drie komponente van selfpersepsie, naamlik innerlike onsekerheid, nutteloosheid en skuldgevoelens is getoets, sowel as agt komponente van werkswaardes. Om die betroubaarheid van die vraelys vas te stel is van die Cronbach Alpha-metode gebruik

gemaak en die eksploratiewe faktoranalise vir die geldigheid van die Multisiftingsinventaris. Ten einde die bejaarde vrywilliger beter te kan verstaan is die profiel van die respondente ontleed en is daar vasgestel wat hulle van die dienssentrum verwag ten opsigte van vergoeding en ook moontlike ander verwagtinge.

Uit die voorafgaande inligting is dit duidelik dat, indien daar aan die verwagtinge van die vrywilligers voldoen word, hulle vir 'n langer termyn by die dienssentrum betrokke sal bly. Dit is dus baie belangrik om die vrywilliger te ken en die regte passing met betrekking tot dienslewering te bewerkstellig.

AFDELING B : ARTIKEL 2

BIBLIOGRAFIE

- ANASTASI, A. & URBINA, S.** 1997. *Psychological testing*, 7th ed. New York: Prentice Hall, Inc. 721 p.
- BABBIE, E.** 2007. *The practice of social research*. 11th ed. Belmont: Wadsworth.
- BAILEY, K.D.** 1994. *Methods of social research*. New York: The Free Press.
- BURNS, N. & GROVE, S.K.** 2005. *The Practice of Nursing Research: conduct, critique & utilization*. Texas: Saunders.
- CHAPMAN, T.H.** 1985. Motivation in university student volunteering. (*In Moore, L.F., ed. Motivating volunteers*. Vancouver, BC: Vancouver Volunteer Center. p. 231-242.)
- CRESWELL, J.W.** 2009. *Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. London: Sage Publishers.
- EASON, S.J.** 1991. Why generalizability theory yields better results than classical test theory: A primer with concrete examples. (*In Thompson, B., ed. Advances in educational research: Substantive findings, methodological developments*. Greenwich: JAI Press. p. 83-98.)
- FAUL, A.C. & HANEKOM, A.J.** 2006. *Ekometrie Module 2. Perspektief Opleidingskollege*. Potchefstroom: Perspective Training College.
- GRAVETTER, F.J. & FORZANO, L.B.** 2003. *Research methods for the behavioural sciences*. New York: Thomson Wadsworth.
- GREEFF, M.** 2005. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions*. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)
- GRINNELL, R.M.** 2001. *Social Work research and evaluation. Quantitative & Qualitative Approach*. United States: F.E. Peacock Publishers.

- HANEKOM, A.J.** 2008. Multisiftingsinventaris. (Voordrag gelewer as deel van die terugvoering aan die respondente van die Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes op 26 Mei 2008.) Potchefstroom. (Ongepubliseer.)
- KULIK, L.** 2006. Burnout among volunteers in the social services: The impact of gender and employment status. *Journal of community Psychology*, Vol. 34, No. 5, 541-561. Wiley Periodicals, Inc. (www.interscience.wiley.com).
- LE ROUX, A.M.** 1985. Die inskakeling van vrywillige werkkragte by dienssentrums vir bejaardes. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Verhandeling – M.A.(M.W.))
- MITCHELL, M. & JOLLEY, J.** 2001. Research Design Explained. New York: Harcourt College Publications.
- MONETTE, D.R., SULLIVAN, T.J. & DEJONG, C.R.** 2005. Applied social research: A tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.
- MULTISIFTINGSINVENTARIS.** 2008. Perspektief Opleidingskollege. Potchefstroom: Perspective Training College.
- NEUMAN, W.L.** 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. New York: Allyn and Bacon.
- NUNNALLY, J. & BERNSTEIN, I.H.** 1994. Psychometric theory, 3rd ed. New York: McGraw-Hill Inc. 751 p.
- PATTON, M.Q.** 2002. Qualitative research and evaluation methods. Thousand Oaks, CA: Sage.
- PEDHAZUR, E. & SCHMELKIN, L.** 1991. *Measurement, design and analysis*. Hillsdale, NJ: Erlbaum. 819 p.
- PERSPEKTIEF OPLEIDINGSKOLLEGE.** 2008. Perspektief & Walmyr Assessment Scales. Potchefstroom: Perspective Training College.
- RUBIN, A. & BABBIE, E.R.** 2005. Research Methods for Social Work. London: Thomson Brooks/Cole.

STOKER, D.J. 1985. Sampling. Personal communication to the author. Pretoria: Human Sciences Research Council.

STRYDOM, H. 2005a. Sampling and sampling methods. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 192-204.*)

STRYDOM, H. 2005b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Research at grass roots: for the social science and human service professions. Pretoria: Van Schaik. p. 56-70.*)

THOMPSON, B. 1994. Guidelines for constructors. *Educational and Psychological Measurement*, Vol. 54, p. 837-847.

WHEELER, J.A., GOREY, K.M. & GREENBLATT, B. 1998. The beneficial effects of volunteering for older volunteers and the people they serve: A meta-analysis. *International Journal of Aging and Human Development*. p. 47, 69-79.

AFDELING C
**SAMEVATTENDE BEVINDINGS,
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

1. INLEIDING

In hierdie afdeling word die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings rakende hierdie ondersoek aangebied. Daarbenewens word die sentraal teoretiese stelling getoets, asook die doelstelling en doelwitte en op grond van die bevindings en gevolgtrekkings, enkele aanbevelings aan die hand gedoen.

2. SAMEVATTENDE BEVINDINGS

Die belangrikste bevindings van hierdie ondersoek word vervolgens aangebied deur te let op die navorsingsmetodologie en die artikels soos vervat in **Afdeling B** van hierdie navorsingsverslag.

2.1 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing was om ondersoek in te stel na die profiel van die afgetrede vrywilliger en die rol wat sodanige persoon in die funksionering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vervul. Om hierdie doelstelling te kon verwesenlik is beide 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek uitgevoer.

2.1.1 Literatuurstudie

Gepaard met die literatuurstudie is ook 'n empiriese ondersoek onderneem ten einde bevindinge te ondersteun of te verwerp. Die studie was beide kwantitatief en kwalitatief van aard. Bronne wat vir die studie geraadpleeg is, is vaktyskrifte, proefskrifte, verhandelings, skripsies, ongepubliseerde verslae, internetbronne, lesings tydens konferensies en

opleidingsgeleenthede, persberigte in koerante en populêre boeke. Al hierdie bronne het betrekking gehad op die bejaardes en vrywilligers.

Wetenskaplike literatuur oor die bejaarde as vrywilliger is skaars en kon nie maklik opgespoor word nie. Daar is wel baie bronne oor vrywilligers in die algemeen, maar nie spesifiek die bejaarde as vrywilliger nie. Wat betref literatuur oor die eienskappe waaroor 'n vrywilliger moet beskik, stem die internasionale sowel as nasionale publikasies heelwat ooreen, Golden (1991:231), Morris (1969:228), Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes (2008c), Rörich (1992:171), Routh (1972:40-41), Roux (2008:1) en Slabbert (1989:143-144). Oor die profiel van afgetrede vrywilligers is byna geen literatuur gevind nie.

2.1.2 Empiriese ondersoek

Die ondersoek het betrekking op manlike en vroulike deelnemers van 60 jaar en ouer. Die teikengroep is met behulp van waarskynlikheidseleksie ooreenkomstig die sistematiese steekproef geselekteer. Die name van al die bejaardes wat as vrywilligers by die dienssentrum betrokke is, is alfabeties georden. Die tweede persoon op die ranglys is aanvanklik geselekteer en daarna met intervale van drie tot die verlangde persentasie deelnemers (44 persone) verkry is.

Data is ingesamel deur 'n selfopgestelde vraelys (kyk **Addendum 3**) met oop-en geslote-eindevrae sowel as 'n gestandaardiseerde metingsvraelys, die Multisiftingsinventaris (MSI) (kyk **Addendum 4**). Elemente wat gemeet is, is onder andere:

Psigososiale funksionering met die volgende komponente: prestasiegerigtheid, tevredenheid, verwagtinge, frustrasies, spanning en hulpeloosheid. Selfpersepsie: innerlike onsekerheid, skuldgevoelens en nutteloosheid. Ten opsigte van werkswaardes is die volgende komponente getoets: bereikingsgerigtheid, besorgdheid oor ander, finansiële vergoeding, prestige, sosiale interaksie, persoonlike ontwikkeling, intieme verhoudings en morele waardes.

Die data wat uit die kwantitatiewe ondersoek verkry is, het die navorser in staat gestel om 'n profiel van die deelnemers te kon saamstel. Ook is hul verwagtinge van die dienssentrum en die redes vir hul betrokkenheid bepaal aan die hand van die kwalitatiewe ondersoek. Die literatuurstudie, gepaard met die kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek, het triangulering van data bewerkstellig.

2.2 ARTIKEL 1: REDES WAAROM EN TERREINE WAAROP AFGETREDENES AS VRYWILLIGERS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES BETROKKE RAAK

In hierdie afdeling is daar gefokus op die redes waarom ouer persone as vrywilligers by 'n dienssentrum betrokke raak en wel ook op watter terreine. Voordat die redes en terreine onder die soeklig geplaas is, is daar gefokus op die effek van aftrede, die doelstelling van 'n dienssentrum en die benutting van afgetredenes as vrywilligers. Daar is verder ingegaan op die waarde, eienskappe, betekenis van vrywillige werk, hoe die kinders van die vrywilligers voel oor hul betrokkenheid en die take waarby en terreine waarop die vrywilligers betrokke is. Vanuit bogenoemde bevindinge kan daar in die toekoms 'n program ontwikkel word om afgetrede vrywilligers behoorlik op hul taak voor te berei. Vrywillige werkers verlig beslis die werksdruk van die betaalde personeel en lewer kosbare diens aan die bejaarde lede van die dienssentrum.

Die ouderdom bring mee dat liggaamskragte afneem en in talle gevalle is daar 'n verlies aan sosiale kontak. Een van die doelstellings van 'n dienssentrum is om alle noodsaaklike ondersteunende hulpdienste te lewer en ontspanningsgeleenthede te skep wat die bejaarde in staat stel om so lank moontlik selfstandig, onafhanklik en menswaardig in die gemeenskap te kan aanbly.

Niewinsgewende organisasies het oor die algemeen te veel werk en onvoldoende fondse om bykomstige personeel aan te stel. Die benutting van bejaarde vrywilligers kan van groot waarde vir 'n dienssentrum wees. Die respondente wat aan die navorsing deelgeneem het, het aangedui dat die meeste van hulle in hul jonger jare by kerkaktiwiteite betrokke was en die tweede meeste by hul kinders se skoolaktiwiteite. Hierdie respondente is ook al 'n geruime tyd as vrywilligers by 'n wye verskeidenheid dienste en aktiwiteite van die dienssentrum betrokke. Hulle het aangedui dat vrywillige werk vir hulle waarde tot hul lewe toevoeg en dat hulle baie bevrediging daaruit put. Deelname laat ook die vrywilligers nuttig voel en dienslewering is 'n baie goeie tydverdryf. Vrywilligers sê dat hul kinders dankbaar is dat hulle uit die huis kom en by hul tydgenote betrokke raak. Sommige word selfs deur hul kinders aangemoedig om as vrywilligers deel uit te maak van die dienssentrum.

2.3 ARTIKEL 2: PSIGOSOSIALE FUNKSIONERING, SELFPERSEPSIE, WERKSWAARDES, PROFIEL EN VERWAGTINGE VAN AFGETREDE VRYWILLIGERS WAT BETROKKE IS BY POTCHEFSTROOM DIENSSENTRUM VIR BEJAARDES

In hierdie artikel is gefokus op die psigososiale funksionering, selfpersepsie, werkswaardes en profiel van die afgetrede vrywilligers wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes en ook op die verwagtinge wat hulle van die dienssentrum het. Die positiewe sowel as negatiewe psigososiale funksioneringsareas is aan die hand van 'n gestandaardiseerde vraelys (MSI) vasgestel. Die drie komponente van selfpersepsie, naamlik innerlike onsekerheid, nuttelosheid en skuldgevoelens is getoets sowel as agt komponente van werkswaardes. Om die betroubaarheid van die vraelys vas te stel is van die Cronbach Alpha-metode gebruik gemaak en die eksploratiewe faktoranalise vir die geldigheid van die Multisiftingsinventaris. Ten einde die bejaarde vrywilliger beter te verstaan is die profiel van die respondente ontleed en is daar vasgestel wat hulle van die dienssentrum verwag ten opsigte van vergoeding en ook moontlike ander verwagtinge.

Uit die voorafgaande inligting is dit duidelik dat, indien daar aan die verwagtinge van die vrywilligers voldoen word, hulle vir 'n langer termyn by die dienssentrum betrokke sal bly. Dit is dus baie belangrik om die vrywilliger te ken en die regte passing met betrekking tot dienslewering te bewerkstellig.

3. GEVOLGTREKKINGS

Oor die algemeen blyk sowel die positiewe as negatiewe psigososiale funksioneringsareas van die respondente redelik gesond en gebalanseerd te wees. Wat die skuldgevoelens betref, is dit verblydend om te merk dat die betrokke vrywilligers nie in hierdie lewensjare wesenlike skuldgevoelens in hulle omdra nie. Finansiële vergoeding en prestige speel nie 'n prominente rol in die lewe van die afgetrede vrywilligers nie. Die morele waardes het egter baie hoog uitgemerk. Dit plaas 'n baie groot verantwoordelikheid op die personeel van die dienssentrum om toe te sien dat die beleid van die dienssentrum en die optrede van personeel altyd van hoogstaande waardes getuig.

Die betroubaarheid van die gestandaardiseerde skaal (MSI) is deur die Cronbach Alpha-betroubaarheidstudie bepaal. Eksploratiewe faktoranalises is gedoen om konstrugeldigheid te toets. Die selfopgestelde vraelys (kyk Addendum 3) het die navorser in staat gestel om 'n profiel van die bejaarde vrywilligers in diens van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes te kon saamstel.

Vyf en sewentig persent van die respondente was vroulik. Al die deelnemers was Afrikaanssprekend, die gemiddelde ouderdom was 72 jaar en die lede se gemiddelde aantal jare wat hulle lede van die dienssentrum was en as vrywilligers betrokke was, was 7 jaar. Meer as 'n derde van die deelnemers was uit hul gesin van herkoms die oudste kind. Wat baie interessant is, is dat 57% van die respondente as vrywilligers aangedui het dat hulle bereid is om 'n redelike mate van verantwoordelikheid te aanvaar vir die take waarby hulle betrokke is. Daar word nie veel van die dienssentrum verwag nie. Die meeste het wel aangedui dat hulle die jaarlikse dankiesê-funksie vir die vrywillige werkers so besonders gevind het dat hulle graag sou wou sien dat hierdie gebruik 'n instelling word, en slegs een persoon het aangedui dat hy/sy 'n dienssertifikaat as vrywilliger sou verlang.

In hierdie navorsing het dit weereens baie duidelik na vore gekom dat die afgetrede vrywilligers van verryking hou en nog vir nuwe uitdagings in die lewe kans sien. Hulle wil graag nuttig voel en ervaar dat hulle 'n verskil in mense se lewens maak of 'n bydrae namens die dienssentrum lewer. Die respondente het die navorser meegedeel dat hulle dit geniet het om deel uit te maak van die navorsing. Die terugvoer oor die kwantitatiewe Multisiftingsinventaris (kyk Addendum 4) was vir die respondente besonder verrykend en hulle het dit as 'n verrykende en groeigeleentheid ervaar.

4. TOETSING VAN DIE DOELSTELLING, DOELWITTE EN SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Vir doeleindes van hierdie studie het die volgende doelstelling, doelwitte en sentraal teoretiese stelling gegeld:

4.1 OORHOOFSE DOELSTELLING

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing was om ondersoek in te stel na die profiel van die afgetrede vrywilliger en die rol wat sodanige persoon in die funksionering van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vervul.

DOELWITTE

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

Doelwit 1

Om vas te stel wat die redes is waarom afgetredenes as vrywilligers betrokke raak by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Hierdie doelwit is bereik en in Artikel 1 as sodanig aangedui.

Doelwit 2

Om vas te stel op watter terreine van die dienssentrum afgetredenes as vrywilligers betrokke is. Hierdie doelwit is bereik en in Artikel 1 as sodanig aangedui.

Doelwit 3

Om die psigososiale funksionering, selfpersepsie en werkswaardes van die afgetrede vrywilliger wat betrokke is by Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes vas te stel. Hierdie doelwit is bereik en in Artikel 2 as sodanig aangedui.

Doelwit 4

Om te bepaal hoe die profiel van die vrywilligers wat by die dienssentrum vir bejaardes betrokke is, daar uitsien, en wat hul verwagtinge van die personeel ten opsigte van erkenning, verantwoordelikhede en vergoeding is. Hierdie doelwit is bereik en in Artikel 2 as sodanig aangedui.

Aangesien die vier doelwitte bereik is, kan die oorhoofse doelstelling ook as bereik beskou word.

4.2 SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Indien afgetredenes as vrywilligers by dienssentrums vir bejaardes op 'n georganiseerde wyse betrokke raak met die waardevolle kennis, ervaring en kundigheid waaroor hulle beskik, kan dit bydra tot meer koste-effektiewe funksionering van dienssentrums se dienste en aktiwiteite.

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings van hierdie ondersoek, blyk dit dat die aanname bewys is deur sowel die literatuurstudie en die kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese ondersoek.

5. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindings en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen:

- 'n Program moet ontwikkel en aan al die personeel van die dienssentrum wat die dienste van afgetrede vrywilligers kan benut, aangebied word. Die personeel moet ten opsigte van die volgende belangrike komponente bemaatig word:
 - die leefwêreld van die bejaarde,
 - personeel moet in hul spesifieke pos 'n ontleding doen van take wat deur 'n vrywilliger hanteer of behartig kan word,
 - werwing van bejaarde vrywilligers,
 - opleiding en sinvolle inskakeling van die vrywilligers,
 - die effektiewe bestuur van die vrywilligers,
 - te weet wat die verwagtinge en behoeftes van die spesifieke vrywilliger is,
 - oor die nodige vaardighede beskik om met die afgetrede vrywilliger te kan werk.

Hierdie program moet egter deur 'n maatskaplike werker ontwikkel en aangebied word. 'n Maatskaplike werker is opgelei in kommunikasievaardighede en ook daarin om mensepotensiaal te ontwikkel.

- Die gemeenskap, en die lede van die dienssentrum, moet bewus wees van die behoeftes van die dienssentrum en waar hulle behulpsaam kan wees. 'n Dienssentrum is 'n gemeenskapsprojek en moet voortdurend so bemark word.
- Die ideaal is dat een spesifieke personeellid die oorkoepelende bestuur van die vrywilligers moet behartig. Personeel moet hul behoeftes aan haar stel en sy moet die keuring en opleiding van die vrywilligers hanteer. Die ure wat vrywilligers werksaam is, moet deur haar gemonitor word, en indien daar ontevredenhede ontstaan, moet genoemde persoon dit hanteer.
- 'n Effektiewe rekenaarprogram moet ontwerp word wat die nodige data van die dienssentrum se vrywilligers bevat. Die inligting moet ook daaglik bygewerk word.
- 'n Program wat die volgende komponente onder die loep neem, moet vir al die bejaarde vrywilligers ontwerp word:
 - die doel van die dienssentrum,
 - al die werksaamhede en aktiwiteite van die dienssentrum,
 - die beleid van die dienssentrum,
 - wat die dienssentrum van die vrywilligers verwag met betrekking tot sake soos vertroulikheid, terugvoer en die uitdra van die dienssentrum se goeie beeld.

Die personeellid wat primêr vir die vrywilligers verantwoordelik is, behoort ook hierdie program aan te bied. Daar moet dus 'n maatskaplike werker wees wat die personeel en die vrywilligers bestuur wat spesifiek afgetrede vrywilligers betref

- 'n Nasionale konferensie moet vir afgetrede vrywillige werkers gereël word asook gereelde verrykingsgeleenthede vir afgetrede vrywilligers.
- Die skrifgrootte van die Multisiftingsinventaris gestandaardiseerde vraelys moet vir die bejaardes aangepas word.

- Metingskale om die totale psigososiale funksionering van bejaardes te meet, behoort ontwikkel te word.
- 'n Metingskaal moet ontwerp word wat die werkswaardes van bejaarde vrywilligers meet.

6. SLOTSOM

Die navorser se beweegrede tot hierdie ondersoek kan soos volg opgesom word: Gedurende 1986 het sy in 'n wye spektrum diensvelde, waarvan bejaardesorg een was, intensief met lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk begin werk. Diensgroepe is gestig en lidmate is opgelei om bepaalde dienste aan die bejaardes te lewer waarby die leraar en kerkraad nie na behore kon uitkom nie. Later is opleidingspakkette vir die kerk geskryf en daar is 'n volgehoue behoefte by die navorser om vas te stel waarom mense ophou om vrywillige werk te doen.

Die passie vir bejaardesorg het steeds gegroei, en 1 Mei 1992 aanvaar die navorser die pos as maatskaplike werker van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes. Sedert 1994 is sy as bestuurder van die dinamiese dienssentrum aangestel wat vanaf 2008 twee voltydse maatskaplikewerk-poste het. Die navorser word gereeld genader om lesings, kursusse en seminare oor die effektiewe benutting van vrywillige werkers aan te bied omdat dit haar passie en voorliefde is. Potchefstroom Dienssentrum het 'n groot aantal vrywilligers (jonk en oud) sonder wie die standaard van dienste en aktiwiteite nie gehandhaaf sal kan word nie (kyk **Addendums 6, 7 en 8**). Die behoefte om vanuit 'n wetenskaplike oogpunt na die profiel van die vrywilligers, hul behoeftes en verwagtinge te kyk het die navorser gemotiveer om hierdie navorsing te onderneem ten einde ander dienssentrums en nuwingsgewende organisasies van hulp te kan wees rakende die waarde van vrywilligers, en die heel belangrikste, hoe om met vrywilligers te werk.

Die ideaal sou wees dat die programme, soos in die aanbevelings genoem, ontwikkel en aangebied moet word. Vrywillige werkers is die sleutel tot die geslaagde funksionering van welsynsorganisasies wat 'n tekort het aan geld en mannekrag.

AFDELING D

ADDENDUM 1 : BRIEF AAN DIE BEHEERRAAD



POTCHEFSTROOM
Dienssentrum vir

Posbus 1728
Potchefstroom
2520

002-071 NPO

Bejaardes

Pr. Nr./No. BHF 8820864

Tel: (018) 293 0678
Faks: (018) 294 4951
Epos: dsanet@lantic.net

4 Februarie 2008

Voorsitter van die Beheerraad
Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes
Potchefstroom
2520

Geagte mnr. Hattingh

TOESTEMMING TOT VERDERE STUDIES

Hiermee 'n vriendelike versoek aan die Beheerraad van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes:

1. Om gedurende 2008 in te skryf vir my MA graad in maatskaplike werk aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom kampus.
2. Om die bejaarde vrywilligers van die dienssentrum te betrek by die navorsing.

Onder getekende onderneem om deurlopend aan die Beheerraad terugvoering te gee oor die vordering van die studies.

Dit sal hoog op prys gestel word indien die Beheerraad bogenoemde twee versoeke goedgegunstig sal oorweeg.

Die uwe

Sanet Jansen van Rensburg
DIENSSENTRUMBESTUURDER

AFDELING D

ADDENDUM 2 : BRIEF VAN DIE BEHEERRAAD



POTCHEFSTROOM
Dienssentrum vir

Posbus 1726
Potchefstroom
2520

002-071 NPO

■ **Bejaardes**

Pr. Nr./No. BHF 8820864

Tel: (018) 293 0678
Faks: (018) 294 4951
Epos: dsanet@lantic.net

12 Februarie 2008

Geagte me Sanet Jansen van Rensburg

Toestemming tot verdere studie

Die Beheerraad het op 'n vergadering gehou op Maandag 11 Februarie 2008 u versoek ten opsigte van jou verdere studie met navorsing ten opsigte van die afgetrede vrywilligers bespreek.

Die versoek is eenparig goedgekeur. Die Beheerraad wens jou alle sterkte toe! Ons is opgewonde oor die navorsing, aangesien Potchefstroom Dienssentrum oor 25 jaar reeds jaarliks van gemiddeld 130 afgetrede vrywilligers gebruik maak. Ons glo ons betrokkenheid van ons vrywilligers is 'n groot bydrae tot die sukses van Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes.

Na afhandeling van jou navorsing sal ons die feite en bewyse vir die stelling hê.

Baie sterkte!!

Dienssentrum groete

Wendri Eloff
DIREKTEUR

AFDELING D

ADDENDUM 3 : KWALITATIEWE VRAELYS

KWALITATIEWE VRAELYS OOR DIE PROFIEL, BEHOEFTE EN VERWAGTINGE VAN DIE AFGETREDE VRYWILLIGER

1. Hoe oud is u? _____jaar
2. Hoe lank is u 'n lid van die dienssentrum? _____jaar
